



WHS Skoollied

Oor ons bosbegroeide noorde
oor ons eensaam vlaktes suid
oor ons oos en wester oorde
ruis die strydkreet steeds vooruit.
Ons sal koershou in ons strewe
vir ons land en volk en taal
Windhoek Hoërskool lei ons skrede
na die grootste ideaal.

Oor ons wye Suidwes-Afrika
weerklink ons roem en eer
en ons leuse Virtus Floreat
laat ontbrand die liefde weer.
Van Oranje tot Kunene
van woestyn tot aan die see
Alma Mater bring ons hulde
aan geeneen geliefd soos jy.

Dankie aan

Johanna Lessing Golden 10F,
Marianne Bronkhorst Jonker, Carien du Plessis en Calie Jacobs
(ander oud WHSsers)
vir bydraes om skoollied volledig op te spoor.

Volledige matriekuitslae vir Suidwes

20311 X Kruger Annela
20312 X Kruger Annela
20313 X Kruger Annela
20314 X Kruger Annela
20315 X Kruger Annela
20316 X Kruger Annela
20317 X Kruger Annela
20318 X Kruger Annela
20319 X Kruger Annela
20320 X Kruger Annela
20321 X Kruger Annela
20322 X Kruger Annela
20323 X Kruger Annela
20324 X Kruger Annela
20325 X Kruger Annela
20326 X Kruger Annela
20327 X Kruger Annela
20328 X Kruger Annela
20329 X Kruger Annela
20330 X Kruger Annela
20331 X Kruger Annela
20332 X Kruger Annela
20333 X Kruger Annela
20334 X Kruger Annela
20335 X Kruger Annela
20336 X Kruger Annela
20337 X Kruger Annela
20338 X Kruger Annela
20339 X Kruger Annela
20340 X Kruger Annela
20341 X Kruger Annela
20342 X Kruger Annela
20343 X Kruger Annela
20344 X Kruger Annela
20345 X Kruger Annela
20346 X Kruger Annela
20347 X Kruger Annela
20348 X Kruger Annela
20349 X Kruger Annela
20350 X Kruger Annela
20351 X Kruger Annela
20352 X Kruger Annela
20353 X Kruger Annela
20354 X Kruger Annela
20355 X Kruger Annela
20356 X Kruger Annela
20357 X Kruger Annela
20358 X Kruger Annela
20359 X Kruger Annela
20360 X Kruger Annela
20361 X Kruger Annela
20362 X Kruger Annela
20363 X Kruger Annela
20364 X Kruger Annela
20365 X Kruger Annela
20366 X Kruger Annela
20367 X Kruger Annela
20368 X Kruger Annela
20369 X Kruger Annela
20370 X Kruger Annela
20371 X Kruger Annela
20372 X Kruger Annela
20373 X Kruger Annela
20374 X Kruger Annela
20375 X Kruger Annela
20376 X Kruger Annela
20377 X Kruger Annela
20378 X Kruger Annela
20379 X Kruger Annela
20380 X Kruger Annela
20381 X Kruger Annela
20382 X Kruger Annela
20383 X Kruger Annela
20384 X Kruger Annela
20385 X Kruger Annela
20386 X Kruger Annela
20387 X Kruger Annela
20388 X Kruger Annela
20389 X Kruger Annela
20390 X Kruger Annela
20391 X Kruger Annela
20392 X Kruger Annela
20393 X Kruger Annela
20394 X Kruger Annela
20395 X Kruger Annela
20396 X Kruger Annela
20397 X Kruger Annela
20398 X Kruger Annela
20399 X Kruger Annela
20400 X Kruger Annela

20401 X Kruger Annela
20402 X Kruger Annela
20403 X Kruger Annela
20404 X Kruger Annela
20405 X Kruger Annela
20406 X Kruger Annela
20407 X Kruger Annela
20408 X Kruger Annela
20409 X Kruger Annela
20410 X Kruger Annela
20411 X Kruger Annela
20412 X Kruger Annela
20413 X Kruger Annela
20414 X Kruger Annela
20415 X Kruger Annela
20416 X Kruger Annela
20417 X Kruger Annela
20418 X Kruger Annela
20419 X Kruger Annela
20420 X Kruger Annela
20421 X Kruger Annela
20422 X Kruger Annela
20423 X Kruger Annela
20424 X Kruger Annela
20425 X Kruger Annela
20426 X Kruger Annela
20427 X Kruger Annela
20428 X Kruger Annela
20429 X Kruger Annela
20430 X Kruger Annela
20431 X Kruger Annela
20432 X Kruger Annela
20433 X Kruger Annela
20434 X Kruger Annela
20435 X Kruger Annela
20436 X Kruger Annela
20437 X Kruger Annela
20438 X Kruger Annela
20439 X Kruger Annela
20440 X Kruger Annela
20441 X Kruger Annela
20442 X Kruger Annela
20443 X Kruger Annela
20444 X Kruger Annela
20445 X Kruger Annela
20446 X Kruger Annela
20447 X Kruger Annela
20448 X Kruger Annela
20449 X Kruger Annela
20450 X Kruger Annela
20451 X Kruger Annela
20452 X Kruger Annela
20453 X Kruger Annela
20454 X Kruger Annela
20455 X Kruger Annela
20456 X Kruger Annela
20457 X Kruger Annela
20458 X Kruger Annela
20459 X Kruger Annela
20460 X Kruger Annela
20461 X Kruger Annela
20462 X Kruger Annela
20463 X Kruger Annela
20464 X Kruger Annela
20465 X Kruger Annela
20466 X Kruger Annela
20467 X Kruger Annela
20468 X Kruger Annela
20469 X Kruger Annela
20470 X Kruger Annela
20471 X Kruger Annela
20472 X Kruger Annela
20473 X Kruger Annela
20474 X Kruger Annela
20475 X Kruger Annela
20476 X Kruger Annela
20477 X Kruger Annela
20478 X Kruger Annela
20479 X Kruger Annela
20480 X Kruger Annela
20481 X Kruger Annela
20482 X Kruger Annela
20483 X Kruger Annela
20484 X Kruger Annela
20485 X Kruger Annela
20486 X Kruger Annela
20487 X Kruger Annela
20488 X Kruger Annela
20489 X Kruger Annela
20490 X Kruger Annela
20491 X Kruger Annela
20492 X Kruger Annela
20493 X Kruger Annela
20494 X Kruger Annela
20495 X Kruger Annela
20496 X Kruger Annela
20497 X Kruger Annela
20498 X Kruger Annela
20499 X Kruger Annela
20500 X Kruger Annela

Hoërskool Windhoek

206059 IX Arnold Susan.
206067 IX Baars Inge Veronica.
206075 IX Badenhorst Sonja.
206083 X Bender Elke Maria.
206091 Bergmann Mariana.
206105 X Binding Manfred Wili.
206113 X Blom Meynderd.
206121 X Booysen Katrina Germina.
206148 IX Bosman Elza.
206154 X Botes Marietjie.
206164 Botha Elzabe.
206172 X Brand Marianna.
206180 Bruns Johanna Gustavus.
206199 Brunette Jeanne.
206202 IX Burger Hendrikus.
206210 Croeser Helene Alletta.
206229 IX De Villiers Hester Magareth.
206237 Du Plessis Berdina.
206245 IX Du Toit Roelof.
206253 IX Engelbrecht Anne-Marie.
206261 IX Esterhuysen Isabella Elizabeth.
206288 X Fourie Andrew Murray.
206318 X Gerner Helena Maria.
206326 Gouws Jacob Wasserfall.
206334 X Grobbelaar Nicolaas Josef.
206342 I Grobler Magrietha Johanna.
206350 X Grosskopf Marie Elizabeth.
206369 IX Hanekom Andre Dirk.
206377 X Harms Hendrik Petrus.
206385 X Harpelsch Andre George.
206393 IX Herselman Rietta.
206401 IX Hugo Aleor Fransette.
206407 IX Jacobs Schaik.
206423 IX Janse van Rensburg Stepha.
206431 X Jubber Lynette.
206438 IX Keel Heidemarie Helene.
206446 IX Kinnear Johannes Jacobus.
206454 IX Kollmitz Brigit Uta.
206462 Koorts Andre.

206490 X Kruger Gert Johannes.
206504 IX Kuhn Erik Bruno.
206512 Labuschagne Lorraine.
206520 X Le Grange Marie Louise.
206539 IX Le Roux Magdalena.
206547 Lerm Sandra.
206555 X Lessing Johanna Maria.
206563 X Lessing Louis Stefanus.
206571 Lindstrom Deon.
206598 X Louw Gertruida Magriet.
206601 IX Louw Nicholas Andries.
206628 IX Lubbe Gabriel Gide.
206644 IX Maas Helena.
206652 IX Malherbe Marlene.
206660 X Marais Johan Diedrick.
206679 Mitchell van der Poel Dan Alb.
206687 IX Moroff Renate.
206695 Mostert Cornelius Albertus.
206709 IX Myburgh Amanda.
206717 IX Myburgh Ghoudina Maria.
206725 X Neumeister Barbara.
206741 X Obbes Odeon.
206776 Oosthuizen Cornelius Petrus.
206784 Oosthuizen Hendrina Johanna.
206792 X Oosthuizen Janette Johanna.
206806 X Oosthuizen Mathilda.
206814 IX Opperman Diederik Johann.
206822 X Opperman Elizabeth Lorraine.
206830 X Pretorius Antoinette Ann.
206849 X Pretorius Cornelia Susanna.
206857 X Pretorius Francois Andries.
206865 X Pretorius Hendrik Cornelius.
206873 X Proffitt Dennis.
206881 X Reutenbach Bartje Alwyn.
206903 X Robberts Johannes Franc.
206911 X Roos Rachelle.
206946 Rossouw Anne Maria.
206954 X Roux Hendrik Warnich.
206962 X Schaffner Peter.
206970 IX Schenck Sonja Mabel.
206989 IX Schickerling Catherine.
206997 X Schoeman Cornelia Elizabeth.
207004 X Schoeman Cornelia Elizabeth.
207012 Schrader Susanna Maria Gertruis.
207020 X Schooreder Jacob Johannes.
207039 X Schott Edgar George.
207047 X Smit Helena Christina.
207055 Smit Wila.
207063 X Spiegel Frances Edith Philippi.
207098 IX Swanepoel Benjamin James.
207101 X Taljaard Petrus Roeloff Gertruis.
207128 X Theron Johannes.
207136 X Ueberckx Sonja.
207144 X Van Aarde Rudolph Freder.
207152 X Van den Berg Magaret.
207160 Van den Berg Samuel.
207179 IX Van der Bank Karel.
207187 X Van der Meer Theodore Ivan.
207195 X Van der Merwe Barond Jakk.
207209 X Van der Merwe Maria Cathrin.
207217 Van der Walt Estelle Leonora.
207225 IX Van Heerden Annetjie.
207233 Van Molendoff Christiaan Elms.
207241 X Van Rhyen Dirk.
207268 IX Van Wyk Lorna.
207276 X Venter Daniel Jacobus.
207284 Venter Madele.
207292 X Venter Christo.
207306 IX Vermeulen Christo.
207314 IX Viljoen Hercules David.
207322 IX Viljoen Magdalena Catharin.
207330 IX Von Hatten Iris.
207357 X Voordewind Simon Frederik.
207365 Vos Johanna Catharina.
207381 X Wessels Gertruida Margaret.
207438 IX Willems Marinda.

**WINDHOEK
HOËRSKOOLOOL
1974**



WINDHOEK HOËRSKOOL

Skooljaarblad 1974.

INHOUD

	Bl.
1. Mnr. Du Preez aan die woord	1
2. Tot siens aan mnre. Scholtz en Brand	2
3. Redaksioneel	3
4. Prysuitdeling, Maart 1974	4
Musiek presteer	4
Regisseurskursus	4
5. Wyle mnr. Van der Schijff	8
6. Voorligting	9
Biblioteek	9
7. Ouer-Onderwyser-vereniging	11
Geliefde Ontslapene	11
8. Prysuitdeling, Okt. 1974	12-15
9. Jeugleierskonferensie	19
Debatskompetisie	19
10. Debat	20
11. Kunswedstryd	21
12. Toneel	22
Vasvra	22
13. Koor	23
14. Volkspele	25
Biduur	25
15. Oud-leerlinge presteer	26-27
16. ADK	29
17. Hulle het gepresteer	30-31
18. Kadette-orkes	32
19. Voortrekkers	33
20. Houtwerk en Kuns	34
21. André en Ina	36
22. Sport	41-65
23. Julle eie bydraes in Afrikaans	69-81
24. en in Engels	83-87
25. en in Duits	90-91
26. Ontluikende digters	92-93
27. In ligte luim	94
28. Matriekklasfoto's	100-102

Mnr. Du Preez aan die woord



Niemand sal dit kan betwis nie dat ons, parallel met al die verstommende uitvindings en ontwikkelings, die donkerste en gevaarlikste van alle tye beleef.

Dit is 'n verwarde era wat oor feitlik die hele wêreld gekenmerk word deur gebrek aan waardebepalings, protesbetogings teen die bestaande orde, losbandigheid, die verdoeming van patriotisme en nasietrots, vuiltaal en die doelbewuste verplettering van geestelike waardes.

En waar ons in hierdie geliefde en strategiese Suidwes-Afrika van ons uit pas is met die wêreldstroom, voel ons daaglik hoe die sataniese magte wat daarop gemik is om alles wat vir ons

lewens- en sielsbehoudend is, af te breek; aan die wortels van ons identiteit ruk.

Daarom strewe ons daarna om met hierdie jaarblad te bewys dat ons jongmense op wie se bene die volk beweeg, nog waarde heg aan die mooi en skoon dinge wat vir die gees verrykend is en wat gebore is uit die spontane skoon gemoed van 'n onaangestaste gees.

Ons vertrou van harte dat elkeen wat hierdie jaarblad se bydraes lees, dit sal waardeur as 'n positiewe bydrae van 'n trotse opvoedkundige inrigting in die stryd teen die verderflikhede van ons dag.

Tot siens, mnr. Scholtz



Nog 'n renegaat, sou baie van ons sê as ons hoor dat mnr. Scholtz ons aan die einde van hierdie jaar verlaat. Tog ken ons hom as 'n man wat geheel en al alles inwerp by 'n saak wat hom na aan die hart lê. Daarom, en om verskeie ander redes, sal ons mnr. Piet Scholtz, ook bekend as "die grys mannetjie" of "Tokkelôsie", mis, en ons bedoel dit opreg, as hy volgende jaar nie meer met ons is nie.

Mnr. Scholtz is op 25 Mei 1930 in die distrik Bethanien gebore. Sy laerskoolopleiding het hy op Keetmanshoop ontvang (Daan Viljoen) en sommer daar in Keetmans gebly vir sy hoërskoolopleiding. 'n Geskiedkundige figuur, dié oom Piet, want hy was lid van die eerste St. 9- en Matriekklas van die Hoërskool Keetmanshoop, waar hy in 1949 gematrikuleer het.

Hierna is hy na die Universiteit van Stellenbosch, waar hy in 1953 die graad B.A. met Liggaamlike Opvoeding en Geskiedenis as hoofvakke behaal het. Die jaar daarna het hy die S.O.D.-sertifikaat verwerf.

Sy loopbaan as onderwyser het begin by die Laerskool Emma Hoogenhout, onder wyle mnr. Andries Koch. Na drie jaar is hy aangestel as assistent by die Hoërskool Otjiwarongo.

In 1960 is hy terug na sy ou Alma Mater, waar hy die B.Ed.-graad behaal het.

Hierna was dit weer terug Otjiwarongo toe, waar hy op 1 Julie 1964 aangestel is as vise-hoof, na 1½ jaar as superintendent van die senior meisieskoshuis.

Gedurende 1969 het hy, tydens die studieverlof van mnr. Van Wyk, waargeneem as hoof van die skool.

Op 1 Januarie 1973 is hy aangestel as adjunk-hoof van W.H.S. In 1973 behaal hy die graad M.Ed. deur privaatstudies onder prof. dr. P. S. du Toit as promotor. Sy proefskrif: "Die ontwikkeling van Inboorlingonderwys in S.W.A., 1915 tot 1962."

Vanaf 1 Januarie 1975 sal mnr. Scholtz hoof wees van die nuwe Hoërskool Academia.

Tog het hy ook te midde van al sy akademiese bedrywighede tyd vir sport gehad. Op skool was hy lid van die eerste rugbyspan (senter), asook van die atletiekspan.

Op universiteit was hy 'n gereelde lid van die derde rugbyspan en het ook in gimnastiek gepresteer. (Synde 'n beskeie soort mens, was dit moeilik om meer hieromtrent van hom te verneem).

Vandag is mnr. Scholtz 'n kranige skut op die skyfskietbaan, waar hy al heelwat bekers verower het.

Ons van die W.H.S. sal mnr. Scholtz beslis mis. Diegene wat die voorreg gehad het om Geskiedenisonderrig van hom te ontvang, sal weet dat ons ver sal moet soek na 'n persoon wat sy vak met soveel geesdrif en deeglikheid aanpak.


Veral sal ons hom mis as iemand wat die belange van sy skool volkome op die hart dra.

En ook sal ons hom mis as die man met die kleurrikste taal in ons skool.

Daar bestaan by ons nie die minste twyfel dat hy die Hoërskool Academia van die begin af op die regte spoor sal plaas en hou nie.

Ons allerhartlikste gelukwense en sukseswense vergesel hom na sy nuwe verantwoordelikheid.

Geluk, mnr. Brand



Asof dit nie genoeg was dat die nuwe Hoërskool Academia mnr. Scholtz van ons moes bedel as skoolhoof nie, het die eer mnr. Jan Brand ook te beurt geval om aangestel te word as vise-hoof van hierdie skool.

Mnr. Brand is op 19 Julie 1944 in Gobabis gebore. Hier het hy ook sy skoolopleiding ontvang en in 1962 gematrikuleer. In 1963 was hy een van die manne wat gekies is vir 'n offisiërskursus in die leër, waar hy vir die Magte-span rugby gespeel het.

In 1966 gradueer hy aan die UOVS en behaal die jaar daarna die UOD-diploma. As volbloed-Suidwester verbaas dit ons nie dat hy sy onderwysloopbaan in Suidwes begin nie. Vanaf 1968 tot 1970 was hy verbonde aan WHS, waarna hy in Wennie du Plessis opgetree het as Senior Assistent Biologie en ook as superintendent van die meisieskoshuis; 'n taak wat hy met besondere onderskeiding uitgevoer het.

Aan die begin van 1973 is hy aangestel as Senior Assistent Biologie aan die WHS. Tans verkeer hy aan die universiteit waar hy besig is met die Honneursgraad in die Filosofie.

Mnr. Brand het ook sy merk gemaak in die rugbywêreld. In beide hoërskole waaraan hy verbonde was, het hy 'n groot aandeel gehad in die afrigting van die eerste spanne. Ook was hy hulpafrigter van United se rugbyspan en dié van Suidwes. Hy self is ook verskeie kere gekies om in die voorry vir Suidwes te druk.

Ons allerbeste wense vergesel hom in sy nuwe pos.

'n Woordjie van die Redakteur



Om 'n jaarblad saam te stel vir 'n hoërskool met so 'n trotse tradisie as dié van WHS, is beslis geen kinderspeletjie nie. Wanneer dit egter gepaard gaan met die pragtige samewerking wat ons vanjaar ontvang het, is die taak al 'n hele entjie makliker. Ons is veral getref deur die massa bydraes wat van die leerlinge self ingekom het. Slegs 'n minimale hoeveelheid van die stof wat gebruik is, is van die personeel afkomstig. Die opvatting is: dit is julle jaarblad wat deur julle geskryf moet word. Ons wens ons kon elke stukkie publiseer wat julle bygedra het, maar nou ja

Dit is veral opvallend dat die prosa wat van die Matrieks geplaas is, sonder uitsondering eksamenopstelle is en dus geheel en al hul eie oorspronklike bydraes.

Miskien sal sommige van julle wonder waarom ons sportverslae vanjaar so effens "afgeskeep" is. Dit is egter die oortuiging van die redaksie dat 'n jaarblad eerder aan ons leerlinge die

geleentheid moet bied om hul talente te beoefen as om as 'n verslagboek van die jaar se sportaktiwiteite te dien. Per slot van rekening is die uitslae van die verskillende wedstryde aan almal bekend en ook slegs van tydelike waarde.

Julle eie skeppings daarenteen is iets van blywende waarde, en ons hoop dat baie van julle hierdie jaarblad jare hierna nog met genot sal lees.

Ons sê graag baie dankie aan almal wat so mooi meegehelp het met die vorming van hierdie blad, veral aan ons bydraers. Ook aan mnr. Van Jaarsveldt sê ons dankie vir sy harde werk met die werwing van advertensies. Verder ook ons dank aan ons adverteerders sonder wie se ondersteuning so 'n jaarblad natuurlik onmoontlik is. 'n Besondere woord van dank aan mev. Herselman wat die grootste deel van hierdie blad se artikels vir ons getik het voordat dit pers toe geneem kon word.

Prysuitdeling, 1 Maart 1974.

Vanselfsprekend is dit onmoontlik om die name en prestasies van alle ontvangers van pryse op vanjaar se prysuitdeling hier te boek te stel. Ons voel egter dat ons die volgende leerlinge van ons skool graag wil vereer met hul mooi prestasies op akademiese gebied. Aan diegene wie se name nie hier genoem word nie, wil ons net sê dat ons nie jul prestasies mislyk nie.

St. 9. Promosiepunt 80% en hoër: Reinette Loubser, Helena van der Merwe, Marita Fourie en Tanya Erlank.

Buitengewone toekennings: (Skenking aan verdienstelike leerlinge deur Stad Windhoek) Susan Arnold, Helena van der Merwe, Marita Fourie, Reinette Loubser.

Beste vordering in Afrikaans (Langenhoven-pennings geskenk deur A.T.K.V.)

Silwer: Riëtta Herselman.

Brons: Sandra Visser.

Musiekcertifikate: Hendrikus Burger, Marita Fourie, Karin Herselman, Riëtta Herselman, Christine Kriel, Elmarie Moller, Susan Mostert, Wanda Ooshuizen.

Onderskeiding in St. 7.: Jannie Immelman, Christine Kriel.

Boekpryse: St. 10: Roelof du Toit: Biologie en Wiskunde.

St. 9: Jakobus van der Westhuizen: Biologie, Ulrich Oberprieler: Latyn.

St. 8: Carina Petterson: Gesk./Aard., Cornelia Jacobs: Tik, Anke Prion: Duits, Frederik Brink: Alg. Wet. en Gesk./Aard., Andre van Niekerk: Wisk., Barnard Zietsman: Gesk./Aard., Campbell Esplin: Alg. Wet. en Gesk./Aard., Jakobus Kruger: Gesk./Aard., Luidi Strauss: Alg. Wet. en Gesk./Aard., Milton Maritz: Latyn, Marianne van der Merwe: Latyn, Alg. Wet., Gesk./Aard., Tik., Liesl Erasmus: Gesk./Aard., Elizabeth Minnaar: Gesk./Aard., Petro Oelofse: Tik., Sandra Wessels: Gesk./Aard.

St. 7. ((90% en hoër): Maryke Lubbe: Huisvlyt, Annette van Zyl: Duits, Jan Immelman: Alg. Wet., Wisk., Gesk./Aard., Deone Coetzee: Gesk./Aard., Ellen Smit: Gesk./Aard.

Musiek presteer weer eens!

Soos altyd in die verlede, kan die skool vanjaar weer met reg trots wees op sy musiekuitslae. Ons noem slegs enkele van die onlangse uitslae. As 'n mens in ag neem dat die eksaminator, mnr. Sokrates Paxinos, van UNISA ook die lisesiaat-eksaminator is, het ons genoeg rede om die bors uit te stoot. Geluk, mev. Maritz en u leerlinge.

HOËR GRAAD PRAKTIES:

Karin Herselman: met lof.

Christine Kriel en Ellen Smit: Eervolle vermelding.

GEVORDERDE GRAAD:

Marita Fourie en Wanda Ooshuizen: Eervolle vermelding.

FINAAL:

Riëtta Herselman en Thea Möller: Eervolle vermelding.

Die arme Hendrikus Burger wag not steeds op sy uitslae. Dié wat weet wat sy bekwaamheid is, weet egter dat hierdie wag iets groots inhou. Ons wil nou nie spog nie, maar ons het 'n voëltjie hoor fluit dat. . .

Graag wens ons ook Willie Davel, Amore Fourie, Louis Nel, Magdalena Ooshuizen, Riana Wiese, en Desire van der Wath geluk met hul pragtige prestasie om met lof te slaag in die Graad III Teorie-eksamen.

Regisseurskursus

'n Besondere voorreg het ons vanjaar te beurt geval deurdat 'n regisseurskursus deur dr. Aardt de Villiers en mnr. Johan Engelbrecht in Windhoek aangebied is. Verskeie van ons personeellede het die kursus bygewoon: Mej. E. Meyer, mnr. P. Genis, mej. C. de Wet en mev. J. de Wet.

Binne die bestek van vyf dae het hulle 'n volledige kursus in verhoogbeplanning, afrigting, kostumering, beligting en grime-ring ontvang. Die kursus was uitermate interessant en leersaam en die kursugangers het dit as 'n voorreg beskou om die geleentheid wat deur die A.T.K.V. geskep is, te kon benut.

(J.d.W.)

Teachers' philosophy

Mr. du Preez:	A bald head is no disgrace if the baldness is confined to the outside.
Mr. Gous:	It is admitted that married men have better halves, but it is claimed that bachelors have better quarters.
Mr. Dreyer:	A new broom sweeps well, but an old one is best for the corners.
Mr. du Toit:	Every teacher has a novel inside him. . . which is a good place for it.
Mrs. Bisschoff:	Pupils never die — they only lose interest in German.
Dr. Maske:	Absence makes the heart go wander.
Mrs. Coetzee:	Ever notice that ability is inversely proportional to the size of the stack of files?
Mr. Scholtz:	Nothing is as good as it seems beforehand.
Miss Meyer:	If you don't think women are explosive, try dropping one.
Mrs. de Wet:	The people who will always seem young are those who never reveal their rage.
Mr. Calitz:	The problem I face, is whether to stay single or not.
Mrs. Glaeser:	There is nothing wrong with any painting that a good paintremover can't remedy.
Mr. van der Westhuisen:	I know it's necessary to tell you something about life, but please, don't tell others.
Mr. Taylor:	A gentlemen is not a gentlemen, if he isn't dressed properly.
Mr. Linow:	I can only tell you something about pollution.
Mr. Steyn:	A girl is a lady, only when she is a woman.
Mr. Herselman:	An active teacher is better than a passive class.

MEYNDERD BLOM St. 10B

PERSONEEL: 1974.



Voor, l.n.r.: mnr. F. Steyn, mnr. F. Cilliers, mnr. K. Linow, mev. Mostert (boekkamer), mnr. P. J. Scholtz (adjunk-hoof), mev. Coetzee (Skr.), mnr. I. G. du Preez (skoolhoof), mnr. C. Genis (vise-hoof), mnr. F. Coetzee (vise-hoof), mev. R. Bisschoff, dr. H. Maske, mnr. R. van der Westhuizen, mnr. S. Oosthuizen, mnr. M. Bakkes.

Middel: mev. A. van Jaarsveldt, mev. E. van Wyk, mej. M. Myburgh, mej. S. Visser, mev. M. Glaezer, mej. M. van der Merwe, mej. I. Louw, mev. M. Neethling, mev. A. Zimmerman, mej. E. Meyer, mev. A. Pool, mej. R. Hattingh, mev. M. van Zyl. Derde ry: mnr. A. Dreyer, mnr. J. Herselman, mnr. F. Markram, mnr. J. van Zyl, mnr. M. Taylor, mnr. G. Uys, mnr. J. Neethling, mev. M. de Klerk, mej. C. de Wet, mev. K. Uys, mev. B. Scholtz, mev. J. de Wet.

Agter: mnr. R. van Jaarsveldt, mnr. A. Gous, mnr. W. Venter, mnr. F. Calitz, mnr. L. Kruger, mnr. P. Genis, mnr. B. Fourie, mnr. S. Neethling, mnr. A. du Toit.

Afwesig: mnr. H. Botha, mev. E. Maritz en mev. B. Neethling.

Skoolkomitee



Ds. P.A. DU TOIT - VOORSITTER



Ds. A.G.C. YSSEL



Mev. E. BUYS.



Mnr. G.H. MARAIS.



Mnr. K.P. SCHICKERLING

Wyle Mnr. Peet van der Schyff



Ons bring hulde aan een van die lede van ons personeel wie se heengaan in Junie vanjaar vir ons almal 'n groot skok was en vir ons skool 'n groot verlies is en sal bly.

Mnr. P. J. van der Schyff het in Januarie 1970 by ons aangesluit. Hy was Senior Assistent in die Voorligtingsafdeling, en het ook gedurende 1972 en die eerste kwartaal van 1973 waargeneem as Vise-hoof van die skool.

Ons dink met erkentlikheid terug aan wat hy vir ons skool beteken het.



Voorligtingsdiens Wat doen ons?

Hierdie afdeling bestaan reeds sedert 1962, toe mnr. Du Preez, ons huidige hoof, die eerste voorligtingsonderwyser geword het; nie alleen die eerste aan die W.H.S. nie, maar ook die eerste in S.W.A.

Met die toenemende getalle van die skool het dit in 1970 noodsaaklik geword om twee onderwyser-sielkundiges aan te stel, t.w. mnr. Van der Schyff van Swakopmund en mnr. Neethling van die Republiek.

Gebrek aan voldoende en doeltreffende ruimte het die werk gedurende die eerste 3½ jaar baie moeilik gemaak. Teen die laaste kwartaal van 1973 kon die nuwe kantore, wagkamer e.d.m. in gebruik geneem word, en het dit nie alleen vir almal betrokke meer gerief meegebring nie, maar kon ons met trots ons leerlinge en besoekers ontvang en beraad.

Wat word nou eintlik gedoen in hierdie afdeling van die skool?

Die eerste om te beklemtoon, is dat dit nie 'n skool- of eksamen-vak is nie. Dit is 'n diens wat gelewer word, en in die diens probeer ons so goed as moontlik aandag skenk aan die volgende:

Eerstens wil ons die leerling help om homself te leer ken wat betref sy eie vermoëns, sy aanleg, moontlikhede, belangstellingsvelde. Hierdie kennis van die kind word ook, waar toepaslik, oorgedra aan die ouers en onderwysers.

Tweedens probeer ons die leerling inlig oor opleidings- en beroepsmoontlikhede in die wêreld om hom deur onself op hoogte te hou met nuwe verwickelinge in die beroepswêreld en opleidingsinrigtings.

Derdens word die leerling gehelp om te kies en te keur sodat sy huidige aktiwiteite op hulle beste sal aanpas by sy toekomsloopbaan.

Vierdens kan enige leerling voor probleme te staan kom wat hy alleen nie kan oplos nie. Hiervoor het die Voorligtingsdiens 'n begripvolle en simpatieke oor.

Vyfdens is 'n belangrike aspek van voorligting om vas te stel in hoeverre 'n leerling na wense vorder in sy onderwys- en beroepsplanne, en om, waar nodig, hulp te verleen.

Dit is verblydend dat so baie leerlinge, onderwysers en ouers gebruik maak van hierdie diens wat deur die voorligtingsafdeling aangebied word. Ons glo dat, hoe meer van die diens gebruik gemaak word, hoe beter kan die diens nog groei en uitbrei.

J.H.N.

Biblioteek

1. Word 'n dame se ruiker met die stengels na onder of na bo aangesteek?
2. Wat beteken pedologie?
3. Wat was die toonbrode?

Dit is maar drie van die baie vrae wat die bibliotekaresse deur middel van ons goed toegeruste biblioteek kon beantwoord.

Die biblioteek van die W.H.S. kyk terug op 'n baie bedrywige maar vrugbare jaar. Die strewe van die biblioteek om vir elkeen die regte boek op die regte tyd te verskaf, kon makliker verwesenlik word, want ons het weer 693 nuwe boeke in 1974 ontvang. Die totale aantal boeke in die biblioteek is 3375, waarvan 1689 vakliteratuur is.

Die integreringsprogram brei steeds uit en meer lede van die personeel maak gebruik van die biblioteek om take in verband met hul vak uit te werk. Die Afrikaans en Engelse fakulteit verdien melding vir die interessante en oorspronklike take wat hul gestel het. Gedurende die eerste drie kwartale is reeds meer as 400 verskillende werkopdragte deur die leerlinge in die biblioteek nagevors. Hierbenewens is ook baie hulp verleen aan leerlinge wat moes inligting vind vir debat, jaarblad of ander werkstukke. Ook die personeel het baie dikwels die bronne in die biblioteek kom raadpleeg in verband met hul vakonderrig, privaat studies of ander aangeleenthede. Die poging van die biblioteek om op elke gebied van die skoollewe te integreer en hulp te verleen, het vanjaar in 'n groot mate geslaag.

Hoewel die funksie van die biblioteek nie primêr gaan om die lees van verhale nie, toon die uitleenstatistiek ook 'n stygende kurwe en die leerlinge lees meer namate die getal boeke vermeerder.

Die biblioteek ontvang 60 tydskrifte waarvan sommige deur die Biblioteekdiens voorsien word en 'n paar geskenk word. Die tydskrifte dek 'n breë veld van belangstelling.

In April het mnr. Louw die skool besoek en het waardevolle wenke aan die hand gedoen om die doeltreffendheid te verhoog. Op mnr. Louw se inisiatief het ook die personeel van die Biblioteekdiens wat verantwoordelik is vir die keuring en prosessering van die skoolbiblioteekboeke, die biblioteek besoek. Die nouer skakeling met die dames was insiggewend en die vriendelike en waardevolle diens wat hul lewer, word opreg waardeer.

Baie dankie aan die vyftien prefekte wat voor skool en gedurende pouses so getrou op hul pos was. Sonder dié waardevolle hulp sou sake nie elke dag so glad kon verloop het nie.

Die onderwyser — bibliotekaresse: (Mev.) H. J. DE WET
(Mev.) B. SCHOLTZ

Ouer-onderwyser-vereniging

Met groot geesdrif is die gedagte van 'n Ouer-onderwyser-vereniging vanjaar aangepak. Ons hoof, mnr. Du Preez, is vasbeslote dat hierdie vereniging 'n sukses gaan wees, en diegene wat waarlik belang stel in die toekoms van ons jeug, steun hom heelhartig in hierdie gedagte.

Op 9 Mei vanjaar is 'n stigtingsvergadering gehou, wat besonder goed bygewoon is. 'n Paar kontensieuse sake is bespreek, o.a.: Kleredrag, Buitemuurse bedrywighede, Onderwyser-leerling-verhouding en Adollesente leerlinge en hul probleme.

Uit die geesdrif van hierdie vergadering het dit duidelik geblyk hoe werklik die behoefte en die begeerte by die ouers is vir so 'n vereniging.

Voortvloeiend uit hierdie byeenkoms is die ouers die geleentheid gebied om op 3 September die vak- en klasonderwysers van hul kinders te spreek. Ons kan nie in alle eerlikheid sê dat hierdie ontmoeting na wense verloop het nie. 'n Maksimum van 13% van ons ouers het van hierdie geleentheid gebruik gemaak. Hier van het slegs 7% spesifieke probleme kom bespreek. Die res wou net kennis maak of dank kom betuig. Hieruit kan ons verskeie afleidings maak: ons ouers is tevrede met die manier waarop sake by hierdie skool gehanteer word; ons ouers stel nie belang nie; ons ouers is daarvan oortuig dat ons jeug op die regte pad is. Ons glo graag dat laasgenoemde die geval is.

Dan is daar natuurlik 'n verdere gevolgtrekking: ons ouers sal nog eers gemotiveer moet word insake die belangrikheid van 'n ouer-onderwyser-kind-kontak.

Die personeel wat besoeke ontvang het, is dit eens dat dit 'n vrugbare geleentheid was wat baie voordele inhou en beslis daartoe kan bydra om 'n goeie gees van samewerking te skep en waardeur sekere wanindrukke uit die weg geruim kan word.

'n Daadwerklike poging moet aangewend word om veral die ouer wie se kind probleme ondervind, die waarde van so 'n ontmoeting te laat beseef. Dit lyk die mees logiese dat die skool sulke ouers spesifiek sal versoek om by so 'n geleentheid na die skool te kom.

Die algemene gevoel is baie sterk dat hierdie geleentheid vroeër in die jaar geskep moet word, soos reeds deur die Komitee aanbeveel.

Die Vereniging het besluit om vanaf 23 Oktober vanjaar met elke prysuitdeling die reëlins op hul skouers te neem en om verversings te verkoop. Vanjaar se reëlins vir hierdie funksie is in die bekwame hande van mnr. J. W. Gerber.

Die eerste vergadering vir aanstaande jaar is reeds bepaal vir 7 Februarie; die aand voor die interhuisatletiek.

Die huidige bestuur bestaan uit: mnr. A. Arnold (voors.), mnr. J. W. Gerber (onder-voors.), mev. M. Mouton (sekr./tes.), ds. Dana Minnaar, mnr. I. G. du Preez, mnr. C. Genis en mev. J. de Wet.

Ten slotte wil ons konstateer dat die sukses van so 'n aanbevelenswaardige vereniging geheel en al afhang van die heelhartige samewerking van ouers sowel as onderwysers.

Per slot van rekening: 'n volk se grootste belegging is in sy jeug. (J.d.W.)

"Die Geliefde Ontslapene"



Voor: Pottie Neethling, Joey Dreyer, mev. De Wet (regisseuse), Rita Hattingh.
Agter: Kaffer Neethling, Martiens Bakkes.

"Die onderwysers van die Hoërskool Windhoek is darem 'n gesellige klomp", was die algemene mening van diegene wat op 21 en 23 Augustus die opvoering van die drie eenbedrywe in die pragtige skoolsaal bygewoon het.

Die klug, "Die Geliefde Ontslapene" deur W. W. Jacobs, wat die onderwysers se aandeel aan die spyskaart van die aand was, is onder regie van mevrou H. J. de Wet op die planke gebring en te oordeel aan die skaterende gehoor en die plesierige gesigte

ONNIE-AKTEURS.



Piet Genis.

agter die skerms, was dit 'n klinkende sukses by die kaartjieskantoor en 'n genotvolle aand vir elke besoeker.

Die "onnies" wat vir die pret verantwoordelik was, was menere K. Neethling, M. Bakkes en P. Genis, terwyl die dames se geleedere bestaan het uit mevroue M. A. Neethling en J. Dreyer en mej. R. Hattingh.

Aan almal wat dit geniet het, laat ons die suggestie: "Kom ons maak weer so!"

(Mej) R. HATTINGH (Personeel)

Prysuitdelingsfunksie

25 Oktober 1974

Ons gee net kortliks 'n samevatting van hierdie geleentheid.

Na die opening deur ds. Yssel en die verwelkoming deur mnr. Du Preez, het ons geleentheidspreker, mnr. A. C. Arnold, trefend en pittig van die gelykenis van die talente gebruik gemaak om prysweners geluk te wens met hul prestasies en om ander aan te spoor tot groter hoogtes.

Na 'n besonder aangename uitvoering op twee klaviere deur **Riëtta Herselman** en **Hendrikus Burger** is die groot nuus van die aand aangekondig!

Hoofseun: **Sarel du Toit**.

Hoofmeisie: **Marita Fourie**

O/hoofseun: **Marius du Plessis**.

O/hoofmeisie: **Rinette Loubser**.

Uit die hartlike applous wat hierop gevolg het, was dit duidelik dat die keuses besonder gewild was.

Antoinette Pretorius het na die verversings wat deur ons Oueronderwyser-vereniging voorsien is, op gevoelige wyse 'n voordrag gelewer.

Die weners van die vernaamste toekennings was die volgende:

A. Munisipale Beursskenking: 'n Tjek van R50 elk aan **Susan Arnold** en **Elsa Bosman**.

B. Saambou-Nasionale Bouvereniging se boekpryse vir die beste uitslae in St. 10 in Rekenkunde/Handelswiskunde en in Tik- of Snelskrif: **Ina Schickerling** en **Elsa Bosman**.

C. Stigting Simon van der Stel-kompetisie: **Lynette Strydom**, **Margaretha Luttig** en **Cheryl Wilson**.

D. Boekpryse vir Duits: **Diederik Opperman**, **Hester de Villiers**, **Erik Kühn** en **Sonja Schenk**.

E. A.T.K.V.-boekprys (beste St. 10-leerling in Afrikaans): **Susan Arnold**.

F. Skenking (R10 elk) deur dr. Kuschke:

Latyn: **Susan Arnold**.

Biologie: **Diederik Opperman**.

Skeinat: **Roelef du Toit**.

G. Boekprys (besonder verdienstelike prestasies in Afrikaanse stelwerk) geskenk deur mnr. Herselman: **André Louw**.

H. Boekpryse (80% gemiddeld in Junie/Septembereksamen): **Erik Kühn** en **Helena Maas**.

I. Vyftien van ons St. 10-leerlinge het sertifikate ontvang vir 'n gemiddelde persentasie van 60-69% vir die jaar.

Hierna het **Marita Fourie** en **Hendrikus Burger** ons vergas op 'n knap klavierduet.



Mnr. Arnold aan die woord.

J. Erekleure (Akademies en kultureel)

a. Debat: **Marianna Brand** en **Diederik Opperman**.

b. Musiek: **Riëtta Herselman** (hertoekenning), **Thea Möller**, **Hendrikus Burger**, **Antoinette Pretorius**, **Diederik Opperman** en **Elze Esterhuizen**.

c. Diens: **Deon Lindström**

d. Kadetorkes: Alle lede wat 3 jaar of meer in die orkes was en wat die skool in 'n kompetisie verteenwoordig het.

K. Erekleure (Sport)

a. Atletiek: **Dennis Proffitt**.

b. Gimnastiek: **Amanda Myburgh**.

c. Hokkie: **Adelheid Coetzee**, **Sunel Pretorius**, **Nicolene Tromp**, **Theo van der Meer**, **André van Nieker**, **Japie Kruger**.

d. Netbal: **Petro Botes**.

f. Rugby: **André Louw**, **Ben van der Merwe**, **Ben van Rhyen**, **Francois Robberts**, **Ben Horn**.

g. Tennis: **Willem Burger**, **Gideon Maas**, **Elize Badenhorst**, **Jeanne Pretorius**, **Chrissie Burger**, **Hanlie Vos**.

Nie minder nie as 55 leerlinge het halfkleure ontvang in die verskillende afdelings.

Ons wens hulle almal van harte geluk.




Leerlingraad vir 1975



Marita ontvang haar wapen van Ina



... en Sarel syne van André



► Lynette Strydom ontvang haar prys van sen. Von Bach




▲ Mnr. Heyns (A.T.K.V.) oorhandig die prys vir Afrikaans aan Susan Arnold

▲ Riëtta Herselman en Thea Möller (finaal Musiek) ontvang erekleure



*Links bo:
Diederik Opperman ontvang sy prys vir Duits van mev.
Bisschoff.*



Regs bo: Marianna Brand ontvang erekleure vir debat.

*Links: André Louw ontvang 'n spesiale toekenning vir Afrikaanse
stelwerk van mnr. Herselman.*



Voor: T. Erlank, L. Meyer, M. Fourie, A. Smal, R. Loubser. Agter: M. du Plessis, E. van der Merwe, H. Cronje.

Die Sesde Jeugleiers-konferensie

Altesaam 51 afgevaardigdes van al die hoërskole van Suidwes het vanjaar vanaf 28 September by die Hoërskool Jan Möhr vergader om hierdie leersame konferensie by te woon.

Ons program het waarlik 'n verskeidenheid ingesluit . . . 'n Uitstappie na Daan Viljoen, 'n prikkelende praatjie oor die Weermag, gelewer deur maj. Van Rensburg, geïllustreer deur 'n rolprentvertoning, samesang gelei deur mnr. Steyn

Ook vir die geestelike aspek is gesorg deurdat ons die onderskeie kerkdienste bygewoon het. Ook die aand het ons 'n diens bygewoon, gelei deur dr. Gous, verbonde aan RAU.

Konferensiegangers het vroeë bedink en ds. Le Roux, mnr. C. J. Wessels, inspekteur van skole, en mnr. M. C. Adendorff (sake-deskundige) daarmee bestook.

Ons is in vier groepe verdeel, elk met 'n sekretaresse en 'n voor-sitter.

Die vlaghysing en oggendgodsdienste is om die beurt in Afrikaans, Engels en Duits waargeneem deur ds. P. le Roux, eerw. D. V. M'Crystal en Pfarrer C. Börner.

Die byeenkoms was beslis leersaam. Dit het o.a. 'n besoek aan die SAUK, die Wetgewende Vergadering en die Munisiapliteit Windhoek ingesluit. Besonder leersame referate is gelewer deur dr. A. Gous ("Die behoud van geestelike waardes in 'n tegnologiese wêreld"), mev. M. Grobler van Pretoria ("Die leier is een wat dien"), mnr. N. Botha ("Die samestelling en funksies van 'n Munisipaliteit") en prop. G. J. Hugo ("Neem wat goed is uit die verlede en bou daarop die toekoms").

Alle referate is gevolg deur vroeë en groepbesprekings. Ons was voorwaar bevoorreg om deskundiges as referente te hê aan wie ons ons vroeë kon stel.

Ons betuig graag ons dank aan die organiseerders, die referente, die Stadsraad van Windhoek vir die middagete by die Safari Motel, die Departement van Inligting vir hul filmvertoning, dr. P. S. Malan vir sy praatjie en aan almal wat daartoe bygedra het om hierdie konferensie so 'n sukses te maak.

Vir elkeen van ons was hierdie konferensie 'n belewenis en dit was sekerlik verrykend. Ons was beslis bevoorreg om daaraan deel te kon hê.

Hennie Cronje, Marius du Plessis, Tanya Erlank, Marita Fourie, Rinette Loubser, Lourine Meyer, Anneline Smal en Elize van der Merwe sê dankie aan u almal. MARITA FOURIE

Debatskompetisie

In die landswye debatskompetisie het Marianna Brand en Anna-Marie Engelbrecht ons skool verteenwoordig in die Junior Rapportryers se jaarlikse byeenkoms wat vanjaar in Johannesburg plaasgevind het (11-13 Julie). Hoewel ons span nie tot die einde deurgedring het nie, het hulle hulle goed van hul taak gekwyd.

Die deelnemers vanoor die hele Republiek en SWA het in 'n hotel tuisgegaan. Die kompetisie wat oor drie dae gestrek het, was sekerlik 'n uiters leersame ondervinding. Referate oor die redenaarskuns en oor landsveiligheid het tot hierdie leersaamheid bygedra.

Die organiseerders het wyslik ook gereël dat daar ander afleidings is. So het ons o.a. besoek afgelê by die Carlton-sentrum en die Televisietoring.

Die kompetisie was van besonder hoë gehalte en vir ons was dit 'n voorreg om WHS daar te verteenwoordig.

Ons as leerlinge verwelkom soortgelyke kompetisies, aangesien dit die belangstelling in die redenaarskuns bevorder. Ons innige dank aan die organiseerders vir al hul moeite.

A. ENGELBRECHT

DEBATSBESTUUR



*Voor: M. Grosskopf, D. Opperman, I. Schickerling, mnr. A. Gous, A. Louw, M. Fourie, S. Arnold.
Agter: F. Pretorius, D. Proffit, S. du Toit, F. Robberts.*

Debat:

Alhoewel ons hierdie jaar dikwels as gevolg van onvoorsiene omstandighede debatsaande moes afstel en alhoewel ons dikwels gekritiseer is, glo ons dat ons hierdie jaar onder die uiters bekwame leiding van mnr. Gous 'n stappie nader aan uiteindelijke sukses gekom het.

Met meer lede op die bestuur kon ons nie alleen daarin slaag om

meer leerlinge na debatsaande te trek nie, maar ons kon ook die aande soveel interessanter aanbied. Die debatsonderwerpe is altyd so gekies dat aktuele sake daardeur onder die leerlinge se aandag gebring is. Die feit dat leerlinge uit die gehoor dikwels nie gewillig is om hulle saak te stel nie, is 'n probleem, maar ons glo dat ook hiervoor mettertyd 'n oplossing gevind sal word.

Ons wens die 1975-debatsbestuur alle sukses toe.

ANDRÉ LOUW



Voor: R. Herselman, T. Möller, H. Burger, W. Oosthuizen, E. Smit. Agter: M. Brand, K. Herselman, E. Esterhuizen, A. Pretorius, M. Fourie.

Wenners van goue toekennings op die kunswedstryd.

Kunswedstryd 1974

Soos uit die volgende uitslae blyk, het ons skool vanjaar beslis nie deur sy afwesigheid geskitter nie. Ons is trots op ons deelnemers, en ons wil as skool langs hierdie weg aan hulle sê: mooi gedaan! Ook aan die organiseerders gaan ons gelukwense met hul puik reëlings. Ons het die volgende uitslae ontvang:

A. Klaviersolo.

- (/14) Karin Herselman: 1 goue en 1 silwer toekenning.
- (/16) Ellen Smit: 2 goud en 1 brons
Wanda Ooshuizen: 1 goud, 2 silwer.
Thea Möller: 4 silwer.
Riana Kirsten: 1 brons.
Christine Kriel: 2 silwer, 1 brons.

- (/18) Marita Fourie: 1 goud, 2 silwer.
Riëtta Herselman: 3 silwer, 1 brons.

B. Klavierduet.

- (/18) Thea Möller en Marita Fourie: 1 goud.
Marita Fourie en Hendrikus Burger: 1 goud.
Riëtta Herselman en Hendrikus Burger (2 klaviere): 1 goud.

C. Sang.(solo)

- (/14) Willem Davel: 1 goud.
- (/16) Lorraine Immelman: 1 goud, 1 silwer.
Isobelle van Zyl: 1 goud.
Antoinette Rörich: 2 goud.
Minda van Vuuren: 1 silwer.
- (/18) Antoinette Pretorius: 1 silwer.
Frances Spiegel: 1 silwer.
Alice Hugo: 1 silwer.
Marianna Brand: 1 silwer.

D. Sang.(duet)

- (/16) Isobelle van Zyl en Antoinette Rörich: 2 goud.
Minda van vuuren: en Alna Pienaar: 1 goud en 1 silwer.

E. Sang.(trio)

- (/16) Isobelle van Zyl, Minda van Vuuren en Antoinette Rörich: 1 silwer.

F. Kore.

- Gemengde koor: 1 goud, 1 silwer, 1 brons.
- Meisieskoor: 1 silwer.

- G. Volksepele. (Die enigste skool in S.W.A. wat deelgeneem het, mooi so!)
- 1 brons.

H. Voordrag en Prosa.

- (/15) Jurgens Brand: Voordrag: goud, Prosa: silwer.
Hanna-Marie Kotze: Voordrag: silwer.
Helena van den Berg: Voordrag: silwer.
Christine Kriel: Voordrag: silwer.
- (/16) Silvia Viviers: Voordrag: goud.
Christine Kriel: Prosa: silwer.
- (/18) Elza Esterhuizen: Voordrag: goud, prosa: goud.
Antoinette Pretorius: Voordrag: goud, prosa: goud.
Marianna Brand: Prosa: goud.
- (Ope) Elza Esterhuizen: Voordrag: goud, prosa: goud.

I. Deutscher Vortrag.

- Mädchen unter 18: Sonja Schenk: Silber.

J. Recitation.

- Under 18. Marianna Brand: Bronze.

Dan kan ons ook met trots getuig dat die volgende leerlinge van ons skool aan die finale wennerskonsert deelgeneem het:
Klaviersolo: Wanda Ooshuizen en Hendrikus Burger.
Kavierduet: Hendrikus Burger en Marita Fourie.
Sangduet: Isobelle van Zyl en Antoinette Rörich.
Voordrag: Elza Esterhuizen.

Toneel

As 'n skool so 'n pragtige saal het, voel 'n mens byna jy staan onder die verpligting om dit te gebruik en daarom het die personeel en leerlinge op 21 en 23 Augustus gesamentlik gesorg vir 'n baie genotvolle toneelaand. Gedurende die middel van 'n baie bedrywige kwartaal moes 'n gedeelte van die leerlinge kosbare tyd opoffer om sodoende die eenbedryf na harde werk, op die planke kon bring. ("Jammer, Verkeerde Nommer", 'n spanningsdrama, afgerig deur mej. C. de Wet).

Tussen-in het die volkspelers die aand afgerond met bekoorlike dansies.

Mnre. L. Kruger en G. Uys was verantwoordelik vir die bou van décor wat bygedra het tot die sukses van die eenbedryf.

Resensies in die plaaslike koerante getuig daarvan dat die deelnemers spel van 'n hoë gehalte gelewer het en dat die opvoerings van goeie afrigting spreek.

Die deelnemers het gevind dat, om in 'n toneelstuk te speel, soms opoffering kos, maar dat die kulturele waarde daaraan verbonde tienvoudig daarvoor vergoed. Met dié "getuigskrif" hoop die deelnemers om meer leerlinge aan te moedig om by die toneelvereniging aan te sluit.

DIEDERIK OPPERMAN ST. 10 B



Voor: D. Opperman, A. Engelbrecht, mnre. S. Oosthuizen, T. Erlank, A. Louw.

Agter: A. Hanekom, C. Coetzee.

Handelsvasvra

Ons span het hierdie jaar weer daarin geslaag om Jan Möhr te klop en sodoende die skild te verower. Sedert die skild agt jaar

gelede deur die Windhoekse Sakekamer geskenk is, het W.H.S. hom ses keer verower teenoor die twee keer van Jan Möhr.

Alle sukses aan volgende jaar se span.

ANDRÉ LOUW ST. 10 B



*Voor: A. Pretorius, E. Esterhuizen, F. Spiegel, mev. Neethling,
U. Strödiike, M. Rudolph, M. Davel.
Middel: J. Pottas, L. du Plessis, M. Hartog, E. Paulsen, L.
Meyer, H. Kotze, A. Smit, A. Franzen, B. Pretorius.
Agter: J. Ferns, D. Opperman, L. Möller, L. Cronje, C. Kriel,
M. Hendriks, W. Opperman, J. du Plessis.
Afwesig: Mev. R. Bisschoff.*

Koor

Met 'n skrale dertig lede het die skoolkoor sy aktiwiteite hierdie jaar begin en met 'n skrale dertig lede afgesluit.

Ten spyte hiervan het mev. Bisschoff en die koorlede ingeklim, hard gewerk en het ongelukkig net drie keer geleentheid kon kry om in die openbaar op te tree.

Die koor het verlede jaar se aktiwiteite afgesluit deur te kwalifiseer vir die landswye Langenhovenfees. Dié jaar se groot optrede was tydens die kunswedstryd. Om ons te staal vir die groot aand, het ons verskeie geleenthede gekry om tydens saalbyeekomste voor die skool op te tree.

Dit was 'n groot ondervinding om tydens die kunswedstryd met ander skoolkore te kon kompeteer. Die aand van die beoordeling het die spanning hoog geloop, maar groot was die opgewondenheid toe mev. Bisschoff haar lede kon meedeel dat hulle een goue diploma en twee silwer diplomas verwerf het. Beslis 'n groot beloning vir 'n jaar se harde werk! Die koor het dan ook die volgende aand by die konsert opgetree.

Gedurende die derde kwartaal het ons vir oulaas by die Taalfees in die skoolsaal opgetree. Op 10 Oktober sal die koor weer 'n bydrae lewer om die program op te luister met eg Afrikaanse volksliedere.

Die lede en mev. Bisschoff moes werklik hard en dikwels ook onder moeilike omstandighede werk. Daar is gewoonlik tydens pouses en Woensdaemiddae geoefen.

Ons hartlike dank aan mev. Bisschoff en ons hoop dat veral meer seuns aanstaande jaar by dié mooi kultuurorganisasie sal kom aansluit.

DIEDERIK OPPERMAN ST. 10 B



Voor: G. Kruger, mev. C. Möller, mnr. W. Olivier, mev. W. Olivier, A. Smal.
Middel: A. J-van Rensburg, B. Swanepoel, M. du Plessis, F.

Voordeewind, D. Coetzee C. van Zyl, J. Kinnear.
Agter: K. van Zyl, J. Ferns, P. Taljaard, M. Knipe, A. van Wyk, E. du Raan.

Volkspeler

Die Volkspeler-laer is in 1973 gestig met 'n ledetal van 30. Die getalle het sedertdien baie verminder en die laer bestaan nou slegs uit 10 pare.

Die laer het op 9 Augustus deelgeneem aan die kunswedstryd en 'n bronsmedalje verower. Daar is elke dag, van Maandag tot Vrydag, geoefen met die oog op die Kunswedstryd. Op 21 en 23 Augustus het die laer tydens eenbedrywe wat deur die skool aangebied is, opgetree.

Op 21 September was dit vroeg opstaan om die lang pad na Mariental aan te pak. Vakerig het ons uitgesien na die kursus, wat gelei sou word deur mnr. Willie Olivier. Op die bus is daar gesing, terwyl 'n paar probeer het om 'n uiltjie te knip. Die kursus het die oggend nege-uur begin. Windhoek en Mariental is om die beurt gevra om nuwe speletjies te demonstreer. Die aand om sewe-uur is 'n groot saamtrek gehou. Almal het hiervoor gewag, want nou kon hulle dit geniet. Om tienuur was dit tyd om afskeid te neem van die vriendelike Marientallers, veral die mooi meisies en die gawe seuns met hulle vriendelike glimlagte. Op pad terug het almal nes geskrop om 'n bietjie te dut. Sondagoggend kwart oor drie het ons in Windhoek gekom. Almal was moeg en vaak, maar ons het die rit terdeë geniet. Op 10 Oktober het ons ook met die Krugerdag-viering opgetree.

Ons hartlike dank aan mnr. Willie Olivier en sy vrou vir wat hulle opgeoffer het om ons te kom help, asook vir die heerlike uitstappie na Mariental. Dankie ook aan die Protea-laer en mev. Pool, wat altyd by was om te help.

Laaste maar nie die minste nie, sê ons dankie aan ons skoolhoof, mnr. Du Preez, vir die tyd wat hy opgeoffer het om na ons probleme te luister. Sy raad het dan ook meegebring dat ons end-uit kon volhou.

GERT KRUGER (Leier)
ANNELENE SMALL (Leidster)

Biduur

Sekerlik een van die mees prysenswaardige aangeleenthede wat vanjaar by WHS sy beslag gekry het, is die gereelde bidstondes.

Ons sê dis prysenswaardig omdat ons maar te bewus is van die neiging in vandag se wêreld: weg van God af.

Hierdie beweging is 'n uitvloeisel van die jeug-tot-jeug-aksie-beweging. Hier het Nerina en Schalk Jacobs, na hul bekering, die voortou geneem. Aanvanklik was die belangstelling beperk, maar met dat die boodskap gesprei het en die goeie suurdeeg begin werk het, het al meer en meer leerlinge ons bidure tydens pouse begin bywoon, en kan ons met dankbaarheid getuig dat hierdie beweging tans goed ondersteun word. Leerlinge soos Susan Mostert, Nerina Jacobs en Thea Möller het leidende rolle gespeel. Marius du Plessis en Koos van der Westhuizen het hulle op bekwame wyse bygestaan met die insamel van fondse, terwyl Anton Kruger en Linette Strydom vir die reklame verantwoordelik was.


Ons sê graag dankie aan ds. Dirkie van der Spuy, ds. Pietie le Roux en mnr. F. Steyn vir hul daadwerklike belangstelling. Dit was verblydend om te sien hoedat leerlinge gewillig en gereed was om van persoonlike oortuiging te spreek.

'n Positiewe program vir die toekoms word beoog. Dit sluit Bybelstudie en geestelike aande in.

Ons wil graag hierdie beweging ten sterkste aanbeveel en sukses toewens, aangesien ons eie leerlinge met probleme hier gehelp word om deur die Heilige Gees krag en leiding te ontvang.



Kapt. Jossienne Rabie, oud-leerling van ons skool, is aangestel as aide-de-camp van die Staatspresident. 'n Besondere eer voorwaar!




Oud-leerlinge presteer

Pieter van Rooyen was 'n leerling in Windhoek-Hoërskool vanaf die Meimaand van sy St. 6-jaar (1967) tot aan die einde van St. 10 (1971). Daarna is hy vir militêre diensplig na Heidelberg Tvl. en het 'n offisiërskursus met sukses afgeleë. Hy het daarna as luitenant op Walvisbaai en op die Grens diens gedoen.

Aan die begin van 1973 is hy na die Universiteit van Stellenbosch om die B.A.-kursus met Afrika-studie en Volkekunde as hoofvakke te neem.

In sy koshuis is hy gekies op die huiskomitee en behartig ook die kulturele Afdeling van Helshoogte-manskoshuis se kwartaalblad "Van Helsdingen".

Van sy gedigte het al in Die Stellenbosse Student en Die Matie verskyn. Die bundel Draak op die Erf is aan die einde van 1973 deur H.A.U.M. uitgegee. Die gedigte daarin is hoofsaaklik geskrywe toe hy in Matriek was. In Die Suidwester van 25 Feb. 1974 is 'n resensent van mening dat "daar deurgaans die gevoel is vir die regte woord, 'n fyn vermoë tot waarneming en gestaltegewing — almal dinge wat van groot belang is in 'n ontwikkelende digterskap."



Kol. R. F. Holtzhausen SM, SAIK, Bevelvoerder Infanterieskool, oorhandig die treestok aan kav. P. Genis.

Oud-leerlinge presteer

BRUNO SPIEGEL het onlangs vyf goue medaljes by die S.A. Paraplegiese Spele verower. As daar ooit 'n oud-leerling is wat die beker vir die grootste belangstelling in die aktiwiteite van sy ou Alma Mater verdien, is dit Bruno!



Kav. P. Genis (tans korporaal), seun van mnr. P. Genis van ons personeel, is vanjaar as beste student by die Infanterieskool te Oudtshoorn aangewys. Hy het ook as Paradebevelvoerder tydens die voorstellingsparade opgetree. Van die 51 kandidate wat die kursus begin het, kon net 21 enduit die pyp rook. Pieter doen tans diens aan die grens.

Johan Smuts is ons jongste bydrae tot die geledere van Suidwes se rugbyspan. Johan het sy vuurdoop in die wedstryd teen die Britse Leeus ontvang en hom uitstekend van sy taak gekwyt.





Derek lyk maar bra vieserig oor Tommy se speelgoedjies!



Jy wil mos prefek wees! Japie, Francois en André word "gedoop".



Mnr. Botha (SWABANK) oorhandig 'n tjek aan mnr. Du Preez. Mnr. Linow kyk toe. Die toekenning is gemaak vir besona prestasie in die Wetenskap-week.



Voor: E. Smit, K. Herselman, S. van Rensburg, B. Enslin, H. Burger, N. Vermaak, W. Oosthuizen.

Middel: R. Herselman, M. Willemse, P. Wessels, C. Louw, L. Stols, C. Katzke.

Agt: H. Coetzee, L. Möller, A. Engelbrecht, J. Nel.

A.D.K.

En wat vir 'n ding is dit? Dis 'n pragtige, prysenswaardige nuwe beweging wat vanjaar ook onder die juniors inslag gevind het, en ons hoop in die toekoms van krag tot krag sal gaan.

Vir die oningewydes onder ons lesers: A.D.K. staan vir Afrikaans-Duitse Kultuurvereniging, 'n vereniging wat reeds etlike jare onder ons volwasse Suidwesters bestaan, en wat nou ook die jeug insluit. Voorwaar 'n aanbevelenswaardige gedagte!

Onder die besonder geesdriftige aanvoering van mnr. en mev. Proppie Steyn, is hierdie junior groep gestig en sommer dadelik was dit besonder gewild. Die eerste gesamentlike poging was 'n kamp op Oviumbo-Wes van mnr. Adrian. Sowat 45 leerlinge van die hoërskole Windhoek, Jan Möhr en H.P.S. het hierdie uiters genotvolle en leersame kamp bygewoon.

Afpak, kampplek skoonmaak, klitsgras optel, klitsgras aftrek, kostent opslaan, klitsgras aftrek, hout aandra, tente opslaan, klitsgras aftrek, ai, is dit hoe 'n ADK-kamp lyk?

In elk geval, aan alle goeie dinge kom ook 'n einde. Dié aand is besluit dat die groep onderverdeel sou word: elk met sy eie voor-sitter, sekretaresse en naam. So het die Kameeldoringkrieke, die SWADAS, die "Junge Kameraden" en die Damaralanders ontstaan. Daar is lustig gesing en natuurlik uiteindelik bedwaarts gekeer.

'n Nuwe skok om seweur die volgende oggend: ons toilet-geriewe is 'n krip met slymerige water in die bosse. Maar wat, die Pioniersbloed in ons are!

Ons was besonder bevoorreg om toegesprek te word deur Sy Ed. mnr. Van der Walt, mnr. Brinkman en mnr. Mudge. Hul praatjies, wat gevolg is deur lewendige besprekings van die lede, het beslis bygedra tot die leersaamheid van so 'n kamp. Dr. Malan se praatjie oor die geskiedenis van Suidwes het beslis

daartoe bygedra om 'n groter waardering vir Geskiedenis by ons kinders aan te wakker.

En so het 'n naweek verbygegaan wat ons sekerlik nie sommer sal vergeet nie. Die kameraadskap tussen Afrikaans- en Duits-sprekendes het beslis 'n groot stoot vorentoe ontvang hierdeur.

Aan die einde van Augustus het hierdie groep bewys dat hul aanvanklike geesdrif nie tydelik van aard was nie. Hierdie keer het H.T.S. by hul aangesluit vir 'n kamp op mnr. De Wet se plaas op Regenstein. Die gees onder die groep was waarlik iets anders. Pret was daar natuurlik in oorfloed. Kattekwaad ook; veral die ontgroening van die nuwelinge! Enkele bittereinders het selfs tot by die toring gekom, tot hul met skok besef dat daar geen water is nie, en toe maar droëbek teruggekeer en om halfvyf middagete genuttig!

Hierdie keer het maj. Van Rensburg die groep toegesprek oor oorlewing in die veld. Hierdie praatjie het later geblyk van onskatbare waarde te wees, want aangesien tannie Mitt nie daar was om toesig te hou oor die kosmaakery nie, was die ertjesop uiteindelik so 'n vaal, waterige, soutlose, smaaklose, skottel-goedwaterige, byna-oneetbare

Nieteenstaande die dikwels spottende luim van bostaande beriggie, wil ons as lede van die Junior ADK onomwonde verklaar dat ons hierdie vereniging as een van die mees aanbevelenswaardige verenigings beskou waarvan ons nog behoort het. Ons kan nie genoeg dankie sê aan mnr. en mev. Steyn en ander volwassenes wat so baie tyd en moeite aan die dag gelê het om hierdie vereniging vir ons te stig en te bevorder nie. Ons wens is dat veel meer Afrikaans- en Duitssprekende leerlinge van ons skole in die toekoms sal aansluit en hierdie mooi beweging van krag tot krag sal laat gaan.

BRENDA ENSLIN EN KARIN (FIELIES) HERSELMAN



Diederik Opperman, wenner van die Suidwes-afdeling van die (A.T.K.B.) redenaarskompetisie.



Anna-Marie Engelbrecht, verteenwoordig saam met Marianna Suidwes op die Junior Rapportryers se debatskompetisie in Johannesburg.



Erik Kühn, hoogste punte in Suidwes vir Biologie (Olimpiade).



Marianna Brand, 'n prestasie soos min: wenner van Suidwes se redenaarskompetisie vir hoërskole!



Claus von Schirp, wenner van Suidwes se tafeltenniskampioenskappe.

Hulle het gepresteer

Aan die volgende leerlinge ons hartlikste gelukwense. Ons is trots op julle!

GILIAM SMIT: Hierdie sestienjarige st. 9-leerling het onlangs Suidwes-kleure in Karate verwerf. As lid van die Suidwesspan het hy in Durban aan die Suid-Afrikaanse kampioenskappe deelgeneem en tydens 'n spesiale graderingsbyeenkoms het hy die eerste Suidwester geword wat die Swart Gordel verwerf het.

MANIE PIENAAR: Hy het onlangs 'n bronsmedalje tydens die Suid-Afrikaanse karatekampioenskappe losgeslaan. In Durban het hy 'n derde plek in die Kata-afdeling vir mans onder 21 behaal.

TERTIUS NEL: Suidwes-keleure in boks.

ELIZE BADENHORST: Suidwes-kleure in hokkie.

BEN VAN DER MERWE: Suidwes-kleure in skole-rugby (Craven-week).

ANNA-MARIE ENGELBRECHT en MARIANNA BRAND: Tweede plek in landswye debatskompetisie.

ERIK KÜHN: Het die beste gevaar in Suidwes in die Biologie-afdeling van die Wetenskap-olimpiade.

KLAUS VON SCHIRP: Het Suidwes verteenwoordig by die tafeltenniskampioenskappe in Rhodesië.

BARBARA NEUMEISTER: Het Suidwes se perdrykampioenskap gewen.

DIEDERIK OPPERMAN: Wenner van die Suidwes-afdeling van die A.T.K.B. se redenaarskompetisie.

MARIANA GERBER: Plek verower in die sake- en beroeps-vroue se redenaarskompetisie.

MAGDA VILJOEN: Een van die meisies in Suidwes om Hoofleierwag van die Voortrekkers te word. Slegs drie het dié onderskeiding behaal, onder hulle ook MAGDALENA LE ROUX.



Johan Pretorius, Gideon Maas en Andre Smuts, gekies vir Suidwes-krieketproewe.




Barbara Neumeister, Suidwes se perdrykampioene



G. Smit, karate-man.



G. Maas, Suidwes-tennis



Manie Pienaar, karate-akate-ekspert.

WENNERS VAN DIE SUIDWES-KOMPETISIE



Voor: S. van Rensburg, mnr. G. Uys, A. Hanekom, dr. H. Maske, R. Lubbe, F. Williams, mnr. F. Markram, B. Rautenbach, P. Mans, W. Maske.

Middel: E. Rautenbach, F. Theron, H. Viljoen, H. Theron, C. Coetzee, D. Venter, A. Hauptfleisch, E. Marais, G. Jacobi, J. Beukes, H. Cronje, E. van Zyl.

Agter: L. Mienie, F. Maske, G. de la Bati, H. Holtzhausen, J. Louw, G. Smit, D. van der Merwe, J. Hamman, N. Alberts, S. Gous.

PRESTASIES: Beste kadetorkes in SWA, beste kadet-afdeling, beste tamboermajoor (Williams), beste beuel-blaser (Lubbe).

Kadette-Orkes-kompetisie te Potchefstroom

Om 7 vm. op 30 September het ons die Hercules transport-vliegtuig te J. G. Strijdom bestyg op lugpad na Potchefstroom. Tot ons bittere teleurstelling was daar geen enkele lugwaardig aan boord nie, hulle het nie 9-00 vir ons 'n koppie tee gebring nie, en daar was geen toiletfasiliteite nie. Maar ons kon die kajuit besigtig en was om 9.30 in Potchefstroom, waar ons troepies in gerieflike geboue gehuisves is.

Ons was die laaste span om op te daag, en 'n blitsoefening is nog spesiaal vir ons gereël, wat later in die oggend plaasgevind het. Om 1.30 het die individuele kompetisies reeds 'n aanvang geneem. Ons Rossouw Lubbe het ingeskryf vir beuel, Friedhelm Marquardt (Centaurus) vir trompet, Frans Williams (W.H.S.) vir tamboermajoor, en E. Martin (Centaurus) vir tenoor-trom. Laasgenoemde kon egter nie alleen optree nie, en twee vrywilligers, Johann Louw (bas-trom) en Wouter Maske (sytrom) het ingewillig om by te staan. Dit het beteken die ander mense dophou en gou leer hoe dit gedoen word — gelukkig was daar 'n hele paar spanne voor hulle. Maar waar ons ons lag nie kon hou nie, was toe ons hoor dat hierdie manne die bevele vir mekaar op Engels gee. Ek is bevrees die hoofaspek van ons "ondersteuning" vir die trio was 'n gegiggel wat nie baie goed onderdruk is nie. Nietemin, hulle het met determinasie voortgegaan, en ons het later die rede vir die eienaardige gedrag gehoor: Martin is 'n Portugees wat geen woord Afrikaans kan verstaan nie. Ek hoop egter dat dit en ander dinge vir ons mense een ding geleer het: in die "Army" moet jy die moed hê om Engels te praat.

Ongelukkig het nie een van ons mense 'n eerste plek behaal nie!

Later die namiddag het al agt orkeste en drilpeletons by Potchefstroom se groot stadion, Bill Swart-Ovaal, bymekaar-gekom. (Niemand kon vir my sê wie die groot man is na wie hierdie Ovaal vernoem is nie.) Die massa-parade is vir die volgende dag geëfen. Die dirigent het die uitstekende idee gehad om die agt bastamboere direk voor hom te laat staan, sodat die pas nooit een oomblik in twyfel kon wees nie. Dit was dan ook die mees suksesvolle massa-orkesvertoning wat ek nog tot sover gesien het, amper honderd persent. Toe dit omtrent klaar was,

het die brigadier hier van 'n kant geroep: "Toe, julle moet klaar maak! Dit raak donker!" Maar 'n sersant-majoor hoef nie te luister na die stem van 'n brigadier as hy besig is met 'n parade nie: hoofsaak is, dat hy kan luister na sy eie stem; en hierdie sersant-majoor het, so waar soos vet, die hele parade weer laat oordoen. Waar ons troepies verlede jaar in reën, wind en hael moes optree, moes hulle dus hierdie jaar in die donker optree. Nee wat, daar is nog altyd iets nuuts onder die son.

Die volgende oggend het die inspeksie-parade somer voor die kadette se slaapkwartiere plaasgevind — 'n uitstekende idee, en uiters gerieflik vir almal. Vanaf 8.00 was ons almal op Bill Swart en die groot kompetisie het begin. Windhoek-Hoërskool was tweede aan die beurt, en ons kon dus reeds vroeg ontspan en die ander aanskou. Ons innige dank aan Potchefstroom vir daardie tee wat in tente en op grasperke bedien is. Vanaf twaalfuur was die groot massa-parade, en hier het Sers.-Majoor Steenkamp, die vader van die kadetorkeskompetisie, waarskynlik vir die laaste keer die stok geswaai. Die generaal, Generaal-Majoor Dutton, het betyds opgedaag, en die bekere uitgedeel — maar, helaas, geen beker aan enige van ons Suidwes-spanne nie. In sy toespraak het die Generaal o.a. gesê: Ons het die verloorders ook nodig. Ons kan nie sonder hulle klaarkom nie.

Om 1.30 was die verrigtinge, wat voor 'n groot gehoor plaasgevind het, afgehandel, en het die Suidwesters hulle begewe na die twee Negentiende-Eeuse busse wat hulle Pretoria toe sou neem. In die busse was daar groot kartonne vol kos — genoeg vir almal se middag- en aandete. Betreffende sulke uitstekende en vriendelik organisasie kan ons net sê: mag Potchefstroom lank lewe! Die offisiere was genooi vir 'n pragtige vingerete in 'n tent, maar hulle kon net twee of drie vingers gou vetterig maak, en toe moes ons maar ry.

Op Waterkloof was die Hercules vir ons reg, en ons kon om 18h10 sukkelend opstyg. Ook hierdie Hercules was vry van geriewe (bv. lugwaardinne). Om 9.00 was ons by J.G. Strijdom, en vir oulaas het een van die Bedfords nog onklaar geraak op pad Windhoek toe — maar darem net een uit die vyf.

Jaap Rossouw-Voortrekkers, 1974.

Die jaar 1974 het aanvanklik nie vir ons baie goed begin nie aangesien ons van die bedanking van mnr. Du Preez as Kommandant moes verneem. Hierdie probleem is egter oorbrug met die verkiesing van mnr. Coetzee in sy plek en die bevordering van mnr. V.d. Westhuizen tot Veldkornet. Ongelukkig moes ons sonder 'n Veldkornette klaarkom aangesien mej. Naude ook nie meer haar weg vir verdere diens oopgesien het nie.

Al hierdie swart randjies aan ons wolke is egter op die agtergrond geskuif met die welkome herlewing onder die groter leerlinge, want ons het nie minder as 23 nuwe Verkenners ingelyf nie. Dit was waarlik 'n verrassing en die vertroue word uitgespreek en die hoop gekoester dat dit nie die laaste groot getal vir jare sal wees nie. Ongelukkig kon die span senior seuns nie die pas byhou met al hul ander verpligtinge nie en moes hul "dros", met toestemming. Aangesien hulle almal matrieks was en dus nou die skool gaan verlaat, word hul alle sukses met die komende eksamens en vir die toekoms, toegewens.

Die gebruiklike Verkennerkamp is weer gehou en alhoewel ons nie vanjaar Hoofleierswagte gehad het nie, was 30 van ons 32

Verkenners teenwoordig — die grootste getal van 'n enkele Kommando — en het hul weer eens bewys dat hulle ware ambassadeurs van ons Kommando was. Van ons Verkenners het ook as Junior Offisiere gehelp tydens die Drawwertjie/Penkopkamp en vanuit daardie oord was die verslag ook gunstig vir hulle.

Daar is so veel nuwe verwickelinge in ons werksaamhede en ook geleenthede vir prestasies dat dit waarlik teleurstellend is dat ons getalle nie na wense kan vermeerder nie. Ook wat Offisiere betref, gaan dit mank maar het ons die geluk gehad om tot ons geleedere by te voeg, mev. Zimmerman en mnr. en mev. Uys. Indien ons in hierdie afdeling meer belangstelling kan kry, sal ons getalle ook sekerlik vermeerder.

Met trots het die Voortrekkers vanjaar op Republiekdag by die skool 'n vlagpresentasie aangebied.

Aan een en almal wat hierdie beriggie mag lees, word die beste wense toegewens vir die komende Feesdae en die toekoms, en groet ons ons vertrekkende Verkenners, nl. Derick Marais, Marië Groskopf, Elsabè Botha en Sonja Badenhorst, met ons beste wense vir nou en die toekoms. Ook aan twee van ons Veldkornette nl. mnre. V.d. Westhuizen en Van Zyl, wat ons gaan verlaat, dankie vir die jare aan ons Kommando gegun.





Stillewe deur C. Louw



Skets deur C. Kuchenbecker

HOUTWERK EN KUNS



Mnr. Wessels vertoon ghitare gemaak deur A. Coetzee en J. Schönfeldt.



Staanhorlosie gemaak deur F. Robberts

ANDRÉ en INA sê tot siens



Die einde van 'n mens se skoolloopbaan is iets waarna jy baie lank uitsien. Noudat ons die einde van hierdie tydperk bereik het, besef ons egter eers werklik hoe baie ons dit geniet het en hoe 'n wonderlike tydperk dit eintlik is.

Baie dankie dan aan die hoofde en leerkragte vir u voorbeeld, baie opofferings en die manier waarop u ons deur hierdie moeilike stadium van ons lewe gehelp het. Mag ons resultate in die eindeksamen 'n toonbeeld wees van ons dankbaarheid.

Baie dankie ook aan die leerlinge vir hulle bydrae om veral ons laaste skooljaar onvergeetlik te maak. Onthou altyd dat dit 'n groot voorreg is om WHS-er te wees. Geniet daarom julle skoollewe en maak gebruik van elke geleentheid, met 'n vaste

vertroue in die Hoër Hand.

Hiermee wens ons ook ons mede-matriekleerlinge sterkte en seën toe vir die einde van die jaar en aan die nuwe leerlingraad: Net die beste vir 1975!

"Met die waters wat verby is, sal die meule nooit weer maal nie." Die mooi herinneringe aan ons geliefde Alma Mater sal ons egter altyd bybly. Nou gaan ons die lewe in met die opskrif van ons erekode as ons leuse: "Die Here is my Banier."

Eenmaal 'n WHS-er, altyd 'n WHS-er. Mag dit ook van ons waar wees.

ANDRÉ EN INA



*Voor: Sunel Pretorius, Magda le Roux, mnr. F. Steyn, Sonje Badenhorst, Ina Schickerling.
Agter: Francois Robberts, André Louw, Johan Kinnear, Christo Vermeulen.*

A.C.S.V.-kringleiers.

NATUUR-VASVRA



*Voor: C. Vermeulen, mnr. A. Gous, L. Jubber.
Agter: F. Robberts, I. Schickerling, S. Arnold, S. Jacobs.*

Atletiek

Ons gee vanjaar net 'n kort oorsig van ons aktiwiteite op die gebied van atletiek, aangesien die uitslae tog aan almal bekend is.

HUISKOMPETISIE.

Die besondere kenmerk van vanjaar se kompetisie was die uitstekende spannees wat onder die verskillende spanne geheers het, en veral onder die nie-atlete. Die opoffering van die onderwysers, veral van mnre. Gous en Bakkes, sal nie lig vergeet word nie. Die spanning het al hoër geloop en die ondersteuners van Wag-'n-Bietjie en Swarthaak het al nader aan die punte van hul sitplekke geskuif. . . . Soos ons almal weet, was dit maar weer die W.'n B's wat op die ou end net-net die pyp gerook het.

ONS ALMAL WIL LANGS HIERDIE WEG ONS BESONDERE WAARDERING UITSPREEK VIR DIE MANIER WAAROP WYLE OOM KON KATZE ONS VANJAAR WEER IN DIE GEES GEHOU HET.

Geluk aan al die onderskeie wenners, op en van die veld. Dit was 'n skitterende byeenkoms.

APPELKOMPETISIE.

Ons kan dit nie ontken dat die gees van die pawiljoen ons as skool daartoe aangespoor het om hierdie uitdunne te wen nie. Baie dankie aan almal.

In die finaal het W.H.S., Otjiwarongo en Gobabis sake uitge-spoek om te besluit watter seunspan Bloemfontein toe gaan.

Onder die meisies was dit W.H.S., Keetmanshoop en Otjiwarongo wat mekaar opgekeil het. Weer eens het albei spanne geseëvier! In Bloemfontein het ons twee medaljes verower: Annelize du Plessis 'n bronsmedalje vir gewigstoot en Dennis Proffit 'n silwermedalje vir hoogspring.

SENTRAAL EN SWAIKS.

Op die Sentraal-byeenkoms was die kompetisie kwaai. Geen wonder dus dat daar op die SWAIKS-byeenkoms wat gevolg het, etlike Suidwes-rekords gespat het nie.

IDEALE.

Die hoogste ideaal waarna 'n atleet in ons land kan mik, is om vir die S.A.-kampioenskappe te kan kwalifiseer. Omdat die belangstelling in hierdie aspek deesdae in Suidwes se geweldig hoog is, is ons nie verbaas dat 17 van ons land se atlete hiervoor gekwalifiseer het nie. Een van hulle, Dennis Proffit, was van W.H.S. Hier stem die atlete saam dat deelname op hierdie vlak nie net vir atletiek van onskatbare waarde is nie, maar ook op die gebied van die opbou van sportmanskap.

'n Atleet sonder 'n afrigter kan nie hoogtes bereik nie. 'n Atleet en 'n afrigter sonder 'n baan kan ook niks vermag nie. Daarom wil ons as atlete nogmaals ons innige dank betuig aan veral mnre. Gous en mnre. Bakkes vir hul onbaatsugtige ywer en belangstelling. . . . Onthou julle nog die dag toe mnre. Bakkes die 400 meter in die reën met 'n roller gehardloop het?

Ons almal sê dankie. Al wys ons dit nie altyd nie, waardeur ons ten seerste wat u as onderwysers doen vir hierdie natuurlikste sportsoort van die mens.

(D. PROFFIT)

APPEL-ATLETIEKSPAN-WENNERS



Voor: B. Schrader, T. Schickerling, A. Coetzee, L. Barnard, I. Schickerling, A. Pretorius, A. du Plessis, M. Fourie.

2e ry: J. Pretorius, T. van der Meer, P. Taljaard, N. Tromp, C. Vermeulen, mej. M. Myburgh, A. Louw, J. Schreuder, C. Katzke, T. Botha, V. Lehmann, A. Fourie,

R. Engels.

3e ry: L. Duffue, R. Kotze, J. Pretorius, J. Theron, L. van der Walt, A. van Niekerk, N. Grobbelaar, D. Venter, B. van der Merwe.

Agter: B. Horn, B. van Rhyn, D. Proffit, S. du Toit, H. Harmse, B. L. Kotze, J. Gouws, K. Visagie.

SWAIKS-ATLETIEKSPAN



Voor: J. Theron, L. Mienie, A. Kotze, B.-L. Kotze, J. Pretorius, J. Kruger, J. Pretorius, H. Kruger, E. Kruger.
 2e ry: L. Duffue, J. Jackson, H. Roos, I. Schickerling, C. Petterson, V. Lehmann, A. Coetzee, A. du Plessis, M. Fourie, T. van der Meer.
 3e ry: C. Vermeulen, L. Kotze, D. Marais, A. Pretorius, P. Raaths, M. Rudolph, N. Tromp, C. Katzke,


T. Schickerling, R. Barnard, B. van der Merwe, J. Schreuder, K. Visagie.
 4e ry: N. Gauche, F. Williams, T. Botha, H. Harmse, L. Friend, B. Schrader, A. van Niekerk, R. Kotze, C. van Zyl, E. Wehl, J. Gouws, B. Horn, D. Venter.
 Agter: A. Louw, L. van der Walt, B. van Rhyn, D. Proffitt, S. du Toit, B. Horn, D. Venter.

SENTRAAL-ATLETIEKSPANSEUNS



Voor: L. Mienie, G. Maas, G. Kruger.
 2e ry: P. Taljaard, C. Vermeulen, K. de Kock, D. Marais, J. Visagie, T. van der Meer, H. Harmse, D. Venter.
 3e ry: L. Kotze, N. Gauche, A. van Wyk, H. Pretorius, J. Pretorius, T. Botha, M. Theron, J. Schreuder,

B.-L. Kotze, A. Fourie, B.v.d. Merwe.
 4e ry: H. Kruger, L. Duffue, A. Louw, N. Grobbelaar, J. Gouws, L. van der Walt, J. Kruger, B. Horn.
 Agter: A. Mostert, N. Coetzee, D. Proffitt, F. Williams, B. van Rhyn, S. du Toit.




Dennis seil op rekordhoogte oor die dwarslat

So lyk sy gesig normaalweg.



WINDHOEK HOËRSKOOI



Gideon Maas op pad wenpaal toe


BLADSY 43



Hermie Keyser breek die lint. F. du Plessis en A. Theron is net te laat.



Carina Petterson laat haar maats, A. du Toit, B. Snyman, W. Roesner en A. Jacobs agter.



DOGTERSHOKKIESPAN. WENNERS VAN JUBBERBEKER



*Voor: C. van Zyl, S. Pretorius (o.kapt), A. Coetzee (kapt.), E. Wehl, A. du Plessis.
Agter: L. Bingham, L. Jubber, N. Kuchenbecker, mej. M. Myburgh, N. Tromp, I. Schickerling, S. Wessels.
Afwesig: S. Schrader.*

Hokkie

Die hokkieseisoen het op 'n hoë noot begin. Elke speelster was geestelik en fisies voorberei op die seisoen wat gevolg het.

Baie belangrike wedstryde is deur die seisoen gespeel, dus moes elkeen sy beste lewer. Vir die Jubber-beker moes Otjiwarongo I en W.H.S. I uitspeel. W.H.S. het daarin geslaag om hulle opponente met 3-1 te klop. Die finale het tussen Karasburg I en W.H.S. I gelê. Weer eens het W.H.S. daarin geslaag om te wen, hierdie keer met 2-0.

Die gehalte van die hokkie het baie verbeter, daar sewe van ons beste speelsters uitgenooi is om vir die Sentraalspan te speel.

Hulle was die 2 agterspelers, Sunelle Pretorius, onderkapteine van die skoolspan en die regter-agter, Susan Schrader, die twee skakels, Ina Schickerling en Nicoleen Tromp en die 3 voorlyn-speelsters, Selma van Zyl, Lynette Jubber en Adelheid Coetzee, wat ook die kapteine van die skoolspan was.

Dit was 'n baie goeie aansporing vir die speelsters. Drie van die speelsters het daarin geslaag om vir die S.W.A.-span gekies te word, wat na Volksrust getoer het. Hulle was Sunelle Pretorius, wat ook die onderkapteine van die S.W.A.-span was, Nicoleen Tromp en Adelheid Coetzee. Al drie speelsters het hulle goed van hulle taak gekwyd. Die doelwagter, Sunelle Pretorius, was ongetwyfeld die knapste speelster van die toer. Dit was ook haar

5de en Adelheid se 3de jaar wat hulle die provinsie verteenwoordig het.

Nie net die eerste span het goed gevaar nie, maar ook die 2de, wat die Sentraal- en Windhoek-liga gewen het. Die 3de span eindig 2de in die 3de liga en die 4de span 5de.

Die 5de span het besonder goed gevaar, hulle het die liga gewen, met die 6de span 3de.

Onder die junior spanne is daar speelsters met baie talent en W.H.S. kan met hoop uitsien na sy toekomstige 1ste span.

Om die seisoen mee af te sluit, het die drie huise teen mekaar gespeel. Gedurende die wedstryde het Swarthaak en Wag-'n-bietjie elk 6 punte behaal en Kanniedood 3. Ons hoop dat dit 'n jaarlikse instelling sal word, om die seisoen mee af te sluit.

Alhoewel die spanne so goed gevaar het, was dit teleurstellend om te sien hoe min belangstelling daar van die skool se kant vir die wedstryde was. Met 'n bietjie meer ondersteuning kon ons beslis nog beter gevaar het.

'n Lieflike gees het onder die meisies geheers, soos die "toertjie" Walvisbaai toe bewys het.

Aan mej. Myburgh, mev. Dreyer en mej. Visser baie dankie vir al hul opoffering.

Mag W.H.S. se hokkie van krag na krag gaan.

A. COETZEE (Kapteine)

2e DOGTERSHOKKIESPAN



Voor: A. du Plessis, M. Fourie (o.kapt.), M. le Roux (kapt.), P. Oelofse, T. Schickerling.
Middel: J. Keys, R. Muller, mej. M. Myburgh, V.

Lehmann, S. Wessels.
Agter: S. Schenk, A. Engelbrecht, L. van Zyl, S. de Villiers, C. Katzke.

SEUNSHOKKIE WHS III



Voor: J. Pottas, J. Vermeulen, I. Botes (kapt.), mnr. M. Bakkes, J. van der Merwe, P. du Toit, A. Louw.

Agter: G. de la Batt, J. van Aswegen, J. Louw, A. Kruger, D. Yssel.

SEUNSHOKKIE WHS I



*Voor: L. Mienie, W. Knouws, T. van der Meer (kapt.),
mnr. M. Bakkes, J. Kruger (o.kapt.), A. van Niekerk, W.
Maske.
Agter: C. von Schirp, H. Cronje, G. Wyma, N. Coetzee,
T. de Kock, F. Maske.*

Seunshokkie

W.H.S. I

As ons die afgelope seisoen moet vergelyk met dié van 1973, wat ons kan beskou as die gloriejaar van W.H.S. se seunshokkie, het ons maar bedroë daarvan afgekom. In die skoleliga kon ons slegs 3 van ons 6 wedstryde wen en in die senior tweede liga slegs een, met een gelykop, en twee verloor.

Ons het die seisoen afgesit met 'n baie onervare span, slegs drie spelers van die vorige seisoen was beskikbaar, en ons het veral gesukkel met die verdediging. Soos die seisoen egter gevorder het, het ons spel gaandeweg verbeter. Daar was veral 'n geweldige kentering nadat Claus von Shirp teen die helfte van die seisoen, ons doel kom oppas het. Hy het so fenomenaal gespeel dat hy na slegs twee wedstryde die S.W.A. "B" proefspan gehaal het.

Die standaard van ons spel het gaandeweg verbeter sodat ons teen die einde van die seisoen oor 'n gedugte span beskik het. Van ons laaste drie wedstryde het ons twee gewen en die laaste een gelykop gespeel teen Ramblers, wat die eindelike ligawenners was.

In die Jubber-toernooi wat op Mariental plaasgevind het, het ons derde geëindig, na Mariental en Centaurus.

Drie van ons spanlede het S.W.A. op die Dick Stead-week in Johannesburg verteenwoordig. André van Niekerk en Japie Kruger is volgende jaar weer vir ons span beskikbaar terwyl ons derde Suidwesspeler, Theo van der Meer ons verlaat.

Namens al drie spanne wil ek graag ons hartlike dank uitspreek

teenoor mnre. Bakkes en Venter vir hul tyd wat hulle opgeoffer het om ons afrigting waar te neem.

THEO VAN DER MEER

W.H.S. II

Ons span het daarin geslaag om die tweedeliga met H.T.S. te deel. Van die sewe wedstryde wat ons gespeel het, het ons 5 gewen, een verloor en een gelykop gespeel.

Ons sien met afwagting uit na die volgende seisoen aangesien ons span basies onveranderd gaan bly. As ons kan voortbou op die afgelope seisoen se prestasies en spelpatroon, behoort W.H.S. in 1975 'n gedugte span te hê.

LUKAS MINNIE

W.H.S. III

Slae was hierdie afgelope seisoen ons voorland, maar aan ywer en belangstelling het dit in ons span nie ontbreek nie. Veral verblywend is die feit dat soveel St. 6-leerlinge vanjaar stok in die hand geneem het.

Spos die seisoen gevorder het, het ons teenstanders dit al moeiliker gevind om ons te klop.

Ten spyte van die feit dat ons geen wedstryd kon wen nie, sien ons met groot ywer uit na die 1975-seisoen.

IZAK BOTES

SEUNSHOKKIE WHS II



*Voor: P. Kitshoff, T. Theron, L. Mienie (kapt.), mnr. M. Bakkes, B. Blaauw, D. van der Merwe, D. Yssel.
Agter: P. Human, K. Kruger, J. de Kock, G. Wyma, C. Keyter.*

5e DOGTERSHOKKIESPAN



*Agter: H. Zimmerman, W. Rügheimer, C. Louw, A. Cronje, E. Liebenberg, A. Franzen, A. Mienie.
Voor: L. Schoeman, J. Pretorius, Mej. S. Visser, Y. Ward, M. Oosthuizen.*

4e DOGTERSHOKKIESPAN



*Voor: D. van Zyl, G. Sontag, H. Roos (kapt.), C. Coetzee, D. Retief.
Agter: R. Coetzee, L. Esterhuizen, L. van Rhyn, R. Otto, mej. M. Myburgh, S. Laubscher.*

6e DOGTERSHOKKIESPAN



*Voor: K. Pretorius, A. Cronje, mej. S. Visser, A. Myburgh, N. van Vuuren.
Agter: L. Coetzee, L. Fourie, D. Coetzee, C. van Zyl, K. Kühn, A. Wessels, R. Venter.*

3e DOGTERSHOKKIESPAN



*Voor: H. Smit, P. Maritz, C. Serfontein (kapt.), E. Stols,
B. Swanepoel.
Agter: L. van der Merwe, R. Jooste, P. Snyman, S. de
Villiers, M. Hollestein, mej. M. Myburgh.*

SOKKER WHS o.16



*Voor: E. van der Walt, D. Ackerman, J. Schmidt, E.
Kubirske (kapt.), E. Lehmann, W. Swart, B. Finkeldeh.
Agter: W. Heinz, U. Tietz, A. Immelman, P. Mans.*



EERSTE NETBALSPAN

*Voor: Mej. M. van der Merwe, A. Jacobs, R. Grobbelaar.
Agter: R. Visagie, R. Schickerling, P. Botes, Afwesig: A.
Brand, H. Smit.*

TWEEDE NETBALSPAN



Voor: Mej. Van der Merwe, A. Engels, M. Carse, N. Burger. Agter: A. Kotze, H. Matthee, R. Pretorius.

DERDE NETBALSPAN



*Voor: M. Knipe, Y. Cilliers, mev. M. van Zyl, I. Pieterse,
A. Smal.
Agter: B. Kruger, A. Nel, M. du Plessis, N. Engels.*

VIERDE NETBALSPAN



*Voor: R. Kirsten, M. Hanekom, mev. Van Zyl, A.
Coetzee, M. Jooste.
Agter: A. Vermeulen, P. van der Heever, M. Rudolph, R.
Barnard, L. Terblanche.*

ST. VI A EN B NETBALSPAN



Voor: E. Scheepers, B. Burger, mej. Louw, T. Titley, A. Kruger.
 2e ry: J. Ferns, M. Hartog, B. Notzon, E. Nel.
 Agter: M. Diederiks, A. Minnaar, A. Botha, I. Martins, P. Kotze.

Netbalverslag — 1ste en 2de Span

Ten spyte van die feit dat die spanne nie tot die finale deurgedring het nie, was dit nogtans 'n baie suksesvolle jaar.

Wat die ligawedstryde betref, het die eerste span drie uit die vyf wedstryde gewen. Die tweede span was egter minder suksesvol en het slegs twee uit die vyf gewen.

Daarbenewens het die spanne ook elkeen drie vriendskaplike wedstryde gespeel. Die eerste span het een gewen en twee verloor terwyl die tweede span almal verloor het.

Die spangees en samewerking was goed.

Ons is egter vol vertroue dat dit volgende jaar sommer baie beter sal gaan.

Ons gelukwensing gaan aan Petro Botes wat ons skool in die Suidwesspan verteenwoordig het.

Standaard 6 — Netbalverslag

Daar was genoeg belangstelling onder standaard 6-speelsters om deur die seisoen twee spanne aan wedstryde te laat deelneem. Die spangees en samewerking was deurentyd goed.

Die A-span het liga-wedstryde gespeel, terwyl die B-span 'n hele aantal vriendskaplike wedstryde teen skole in die stad gespeel het.

Ek vertrou dat ons al die gesigte volgende jaar in die senior-spanne sal sien, want daar is beslis talent wat ontwikkel moet word.

EERSTE TENNISSPAN SEUNS




*Voor: G. Maas, mnr. R. van Jaarsveldt, D. van Vuuren.
Agter: W. Burger, J. Kruger.*

DOGTERSTENNIS A-SPAN



*Voor: H. Maas, mev. Neethling, H. Vos.
Agter: C. Burger, E. Badenhorst.*

TWEEDE SEUNSTENNISSPAN



*Voor: C. van Molendorf, mnr. R. van Jaarsveldt, F. Beukes.
Agter: D. Pienaar, J. Muller.*

DOGTERSTENNIS B-SPAN



J. Pretorius, mev. Neethling, M. van Vuuren. Afwesig: E. Nortje, A. Rörich.

DOGTERSTENNIS C-SPAN



Voor: A. du Toit, mev. Neethling, L. van Wyk.
Agter: E. van Herk, M. Kotze.

Tennis

Weer eens was dit vir WHS 'n suksesvolle tennisjaar. Dis reeds die vyfde agtereenvolgende jaar dat ons in die Sentraal-liga seëvier.

'n Groot eer het sommige van ons spelers te beurt geval deurdat hulle in die Suidwes-span opgeneem is wat aan die interprovinssiale toernooi in Bloemfontein deelgeneem het. Hulle is: Chrissie Burger, Elize Badenhorst en Gideon Maas. Die volgende spelers is gekies om aan die Appelkompetisie vir o.15's deel te neem: Minda van Vuuren, Jean Pretorius, Willem Burger, Danie Pienaar en Felix Beukes.

WHS het ook verskeie Suidwes-junior-kampioene opgelewer. Hiervoor ons gelukwense aan: Jean Pretorius, Danie Pienaar, Felix Beukes, Esmé Nortjé, Willem Burger, Danie van Vuuren, Chrissie Burger en Gideon Maas.

Ons as tennisspelers wil graag ons innige dank uitspreek teenoor mnr. Dolf van Jaarsveldt en mev. Pottie Neethling vir al die tyd en energie wat hulle om ons ontwil opgeoffer het. Ons het WHS met trots verteenwoordig en ons wens is dat die geesdrif in die toekoms net so hoog sal wees.

(GIDEON MAAS)

Jeanne Pretorius: In die Suidwes-tenniskampioenskappe wen sy die o.14- asook die dubbelspelkampioenskap saam met haar maat. Sy is gekies om Suidwes in Desember in Stellenbosch te verteenwoordig.

EERSTE KRIEKETSPAN



Voor: L. Mienie, A. Smuts (kapt.), mnr. Bakkes, F. Pretorius, A. van Niekerk.
Middel: E. van der Bergh, T. Hanekom, G. Maas, E.


Scott, J. Pretorius.
Agter: J. Gous, D. van der Merwe, A. van Eck, B. Blaauw.

o.14A RUGBYSPAN



*Voor: G. Coetzee, C. van Zyl, S. Milligen, mnr. L. Kruger, J. Jacobs, F. van Eck, Q. Botes.
Middel: E. Malherbe, W. Opperman, H. Kruger, F. Beukes, J. van der Merwe.
Agter: J. Barnard, A. Liebenberg, H. Coetzee (kapt.), L. Kotze.*

o.14B RUGBYSPAN



*Voor: P. Malan, L. Nel, J. van der Merwe, mnr. Kruger, C. van Zyl, F. van Eck, Q. Botes.
Middel: O. Smit, R. Robberts, G. Coetzee, E. Roux, B. Husselman, D. Hoon.
Agter: J. Barnard, A. Liebenberg, W. Opperman.*

o.14 RUGBY

Hierdie spannetjie het vanjaar getoon dat daar beslis talent lê in die toekoms van ons skool se rugby. Soos met die ander spanne van ons skool, het ons nie as gekroonde konings uit die stryd getree nie, maar ons het baie lesse geleer. Laat daardie bal loop, is 'n les wat alle ander spanne gerug van ons kan leer. Aan talent het dit ons nie ontbreek nie; aan geesdrif ook nie. Ons manne het

egter te laat in die seisoen besef dat spanwerk belangriker is as individuele prestasies.

Voorspelerwerk was pragtig. As ons net kon afrond, sou ons beslis 'n span gewees het om mee rekening te hou. Ons glo dat die lesse wat vanjaar geleer is, vir volgende jaar se o.15's van onskatbare waarde sal wees.

Ons kan nie sterk genoeg betuig hoeveel ons die belangstelling en opoffering van mnre. Kruger en Botha waardeer nie.

o.15A RUGBYSpan



*Voor: F. Theron, N. Gauche, A. van Wyk (kapt.), mnre. J. Herselman, E. Kruger, F. Durandt, D. Schrader.
Middel: J. Immelman, J. Muller, H. van Vuuren, H. Wiese, P. Venter, C. Kruger.
Agter: I. Buys, F. Theron, F. Kraus, A. Theron.*

O.15 Rugby

Veel wil ons nie sê oor hierdie groep nie, aangesien dit 'n jaar van gemengde sukses was. Een ding kan ons egter van hulle sê, en dit is dat dit aan geesdrif nie ontbreek het nie. Aanvanklik het ons so effens gesukkel met getalle om twee spanne in die veld te kan stoot, maar 'n enkele oproep het die getalle laat toeneem, sodat ons daarna nie weer gesukkel het om te enige tyd ons verpligtinge na te kom nie.

Ons voel jammer vir die B-spanne wie se wedstryde so dikwels deur ons opponente gekanselleer is. Ons sê egter dankie aan

hierdie kêrels wat enduit hul geesdrif behou het en die oefeninge gereeld bygewoon het.

Die A-span het vanjaar oor 'n besonder knap pak voorspelers beskik wat veral onder die aanvoering van hul bekwame en talentvolle kaptein, Attie van Wyk, altyd vir hul teenstanders 'n doring in die vlees was.

Ons glo dat hierdie spannetjie volgende jaar as onder-sestiens somer eerste klas rugby gaan speel.

Die spelers dra hul dank oor aan mnre. Herselman en Venter vir hul opoffering.

o.15B RUGBYSPAN



Voor: W. Venter, B.-L. Kotze, T. Gouws, mnr. J. van Zyl, J. Pretorius (kapt.), F. du Plessis, F. Brink.
Middel: J. Nel, J. Wessel, P. Fulscher, T. Fourie, A. Smuts, P. Booysen.
Agter: E. Myburgh, W. Hollestein, P. van Rooyen, J. Proffitt, F. Schoeman.

Voor: D. Abrahams, F. Nel, F. Durandt, mnr. Herselman, F. Theron, M. Lötter, E. van Zyl.
Middel: A. van Rooyen, M. Mouton, H. Cronje, B. Pretorius, C. Kruger.
Agter: D. Ludick, J. Jacobs, F. Theron, F. Kraus.

o.16A RUGBYSPAN



o.16 Rugby

'n Suksesvolle seisoen is agter die rug; suksesvol om dié rede dat ons slegs twee wedstryde uit die nege wat gespeel is, verloor het. Daar is ook geskiedenis gemaak deurdat ons vir Jan Möhr vir die eerste keer sedert hulle as o.14's begin het, geklop het. . .

Ons was ongelukkig om nie tot die halfeindronde deur te dring nie, maar daardeur het ons ook die les geleer dat 'n span eers gewen het as die eindfluitjie blaas.

Ons dank aan mnr. Van Zyl vir sy opoffering, en sukses aan ons manne wat volgende jaar in die senior afdeling sal moet deelneem.

EERSTE RUGBYSPAN



*Voor: Mnr. A. Gous, A. Fourie, F. Robberts, J. Schreuder (kapt.), A. Smuts, D. Venter, mnr. A. du Toit.
Middel: B. van der Merwe, C. Vermeulen, A. Louw, B. Kotze, L. van der Walt, T. Botha, H. Roux.
Agt: B. Horn, M. Erasmus, B. van Rhyn, F. Williams, S. du Toit, N. Grobler.*

Senior Rugby

Aan die einde van die jaar kyk ons terug op, laat ons maar eerlik wees, 'n ietwat wankelrige jaar. Tog kan ons trots wees op die toegewydheid en ondernemingsgees wat dwarsdeur die seisoen deur die spelers aan die dag gelê is, ten spyte van die feit dat ons net twee van ons Kloppebekerwedstryde kon wen.

Tog het hierdie jaar ook sy hoogtepunte ingehou. Nie minder nie as vyf van ons manne het Suidwes-skole by die Craven-week verteenwoordig: Ben van Rhyn, Ben Horn, André Louw, Ben van der Merwe en Francois Robberts. Dit is voorwaar 'n prestasie om op trots te wees.

Ons wil graag ook die name van die volgende spelers noem wat, bo en behalwe die manne wat so pas genoem is, deur die jaar

goeie rugby gespeel het: Sarel du Toit, Andrew Fourie, Japie Schreuder en Christo Vermeulen.

Dat Suidwes hom vanjaar deeglik laat geld het op die Craven-week, is nie te betwyfel nie. Van ons drie wedstryde het ons net een verloor, en aangesien dit teen die W.P. was, wat die sterkste span in die kompetisie was, hoef ons nie verder uit te wy nie.

Ons wil nie verskoning maak vir ons nederlae of die skuld op ander plaas nie, maar ons kan dit toeskryf aan gebrek aan ervaring aan ons kant.

Terwyl ons afskeid neem van vanjaar se blouspan, kan ons nie nalaat om ons dank uit te spreek teenoor mnre. Du Toit en Gous vir hul onfeilbare ywer en belangelose opoffering vir ons senior rugby nie.

(FRANCOIS ROBBERTS)

TWEEDE SENIOR RUGBYSPAN



*Voor: Mnr. A. Gous, L. van der Walt, R. Brink, F. Voordewind (kapt.), F. Pretorius, D. Marais, mnr. A. du Toit.
Middel: P. Taljaard, E. van der Bergh, J. Heath, F. Steyn, M. du Plessis, G. Kotze, G. Kruger, K. Visagie, W. van der Westhuizen.
Agter: J. Theron, A. Mostert, M. Erasmus, A. van Eck, H. Harmse, L. Basson.*

DERDE SENIOR RUGBYSPAN



*Voor: Mnr. Gous, A. Hanekom, J. Heath, F. Pretorius (kapt.) D. Marais, G. Kruger, mnr. Du Toit.
Middel: L. van der Merwe, M. Vermaak, J. Hoon, E. van der Bergh, M. du Plessis, G. Kotze, De W. Steyn.
Agter: W. Enslin, T. Hanekom, A. Mostert, J. du Toit, A. Coetzee.*

CRAVENWEEK-SPELERS



Voor: F. Robberts, mnr. Gous (spanbestuurder), A. Louw.
Agter: B. Horn, B. van Rhyn, B. van der Merwe.

SKIETSPAN



Voor: T. Collard, A. Mostert, M. le Roux, P. Human.
Agter: K. van der Westhuizen, T. Gouws, F. Mouton.

GIMNASTIEKSPAN



Voor: V. le Grange, M. Vivier.
Middel: A. Myburgh, C. Oosthuizen, G. Botes, B. Rautenbach, H. de Bruyn.

Agter: T. Collard, S. Oosthuizen, A. van Niekerk, mej. Myburgh, F. Pretorius.

SENTRAAL-ATLETIEKSPAN, MEISIES



*Voor: A. Kotze, E. Smit, R. Barnard, J. Pretorius.
2e ry: Mej. Visser, A. Engels, A. Pretorius, J. Jackson, I.
Schickerling, M. Fourie, A. du Plessis, T. Schickerling, A.
Coetzee, mej. Louw.
3e ry: P. Raaths, M. Rudolph, D. Coetzee, B. Schrader,*

*H. du Toit, R. Jacobs, H. Roos, C. Katzke, E. Wehl, L.
Friend.*

*Agter: R. Bekker, C. Petterson, B. van Heerden, A. van
Niekerk, N. Tromp, R. Kotze, W. Lehmann, C. van Zyl.*

SUIDWES-HOKKIE



*Mnr. Du Preez oorhandig erekleure aan spelers wat
Suidweskole verteenwoordig het. Van l.n.r.: A. Coetzee,*

*S. Pretorius, N. Tromp, T. van der Meer, A. van Niekerk,
J. Kruger.*

SORRY, WRONG NUMBER



Voor: R. Anderson, L. Strauss, E. Esterhuizen, D. Opperman, T. Titley.

Agter: W. Opperman, S. Lerm, M. Grosskopf, D. Lonström.

BIBLIOTEEKPREFEKTE



*Voor: Mev. De Wet, D. Linström, E. van der Walt, E. Botha, K. Kruger, mev. Scholtz.
Middel: M. van der Bergh, M. Rousseau, J. Lessing, S.*

*Ueberrück, M. Bermann.
Agter: S. Jacobs, C. Coetzee, L. Strauss, R. van Aarde, M. Blom.*

Namib-Juwele

Wat is treffender as die kleurwisseling van die Namib? Waar die wit, kalkagtige vlaktes, afgewissel met bruin strepe van fyn gruis, oorgaan in 'n skakering van blou en pers in die rotswande van die Spitskoppe, gebaai in 'n sagte, yl, vriendelike lig van die ondergaande son? Hoe ver sal 'n mens moet reis om nog so 'n gesig te sien waar sagte rooi duine met volmaakte rondings afgolf tot in 'n sprinkelende, diepblou see?

Dit laat my dink aan die verspotte liedjie: "Gee my springbok-biltong, gee my boerbeskuit, gee my lekker koffie, en gooi die ander uit!" My eie, ons eie, is die Beste. Die Copacabana en die Franse Riviera kan gaan slaap in vergelyking met die mistieke skoonheid van die Seekus van die Dood, waar 'n mens nie kan glo dat so 'n totale "niks" so pragtig kan wees nie.

Neem jou vierwiel-aangedrewe voertuig en ry die Kahn-vallei, naby Swakopmund, af. Kom om 'n draai in die loop van die rivier, en snak na jou asem as jy die sagte glorie van die wit-bloeiende Annaboom sien pryk teen die ruwe, ongenaakbare kranswande met sy naakte rots-torings wat daar hoog bokant jou uittroon en waghou oor die ganse vallei.

Proe die grond en die rykdom van die Namib-aarde as jy die warm, sappige 'nabba' met skil en al verslind, en daaraan dink dat hy somer daar iewers onder 'n graspolletjie in die Namib, in die reënseisoen uitgegrawe is.

Gaan sit eenkant alleen op 'n groot, roesbruin graniëtblok onder 'n kokerboom, en kyk na die hittegolwe wat uit die dorre, hygende rotskoppies lui en bedwelmend na bo kartel, geniet die saligheid van los en vas gedagtes oor somer alles en nog wat, en luister na die stilte wat met jou praat, die stem van die woestyn.

Sielsverheffend.

HENDRIKUS BURGER ST. 10 E

'n Handvol waarheid DIE TREFFERS PRAKTIËS TOEGEPAS.

"Where were you when I needed you?" in die eksamen.

"You can cry if you want to," na die Skeinatuitslae.

"I'll walk beside you," na die skoolfiek.

"Don't forget to remember me," gedurende die skoolvakansie.

"Does anybody miss me?" in die storthokkie gedurende gimnastiek.

Sy sê toe ek is my Wiskunde deur "and then I kissed her".

"Home sweet home," na 'n lang skoolkwartaal.

"Daydream," in die Biologieklas.

"It's a long and winding road," skool toe as jy weet jy is laat.

"I can't tell the bottom from the top," van 'n Wetenskap-vraestel.

"If I could," sou ek regtig al my Aardrykskunde geleer het vir die eksamen.

"Baby make it soon," as jy spoed tik.

"You've got your troubles," as jy laat kom vir skool.

"I go to pieces," as die eerste houe val.

WINDHOEK HOËRSKOOI

Kalwerliefde, jou lekker ding !

Kalwerliefde! Liefde! Verlieftheid! O, jou lekker ding! Dis julle wat maak dat ek spring en dis julle wat maak dat ek sing en oorborrel van lewensvreugde, ja veral jy, Kalwerliefde, veral jy ! Dis jy wat my hele denke oorheers en dis jy wat gaan veroorsaak dat ek my eksamens druipe. Gevra of ek jou sal los ? Aikôna ! Niekies ! Non ! Nyet ! (En as die Russe sê nyet, bedoel hulle nyet!)

'n Normale jongmens sal sonder uitsondering ook so redeneer. Indien nie, ontbreek daardie jongmens die mees basiese behoefte in die lewe, naamlik om raakgesien te word deur die teenoorgestelde geslag.

Die skryfster is eendag gevra of kalwerliefde bestaan en die oortuigende antwoord was : natuurlik ! Geen mens kan volkome en ware liefde besef en ondervind voordat hy nie die wisselvalligheid van kalwerliefde geken het nie. Wisselvalligheid ? Ja, daardie emosies wat jou een oomblik op die blouste rantjie van die hoogste wolk laat sweef en jou net daarna in die diepste donker van die vuilste waters dompel.

Daarom, geagte leser, is kalwerliefde so belangrik, want dit vorm die basis van alle toekomstige liefdesverhoudings, wat weer op hulle beurt lei na die groot liefdesverhouding, naamlik die huwelik.

Tydens die stadium van kalwerliefde leer 'n persoon, hetsy manlik of vroulik, reeds die basiese noodsaaklikheid vir 'n geslaagde liefdesverhouding. Kalwerliefde is dus 'n direkte voorbereiding vir die huwelik en dus uiters noodsaaklik.

In plaas van om kalwerliefde gedurig 'n voorwerp van bespotteling te maak, moet die kind aangemoedig word om van kleins af hegte vriendskappe met die teenoorgestelde geslag te sluit. Word hierdie vriendskappe egter oordryf, verdwyn die mooiheid en heerlijkheid van kalwerliefde.

Kalwerliefde is die tydperk in 'n jongmens se lewe waar hy vir die eerste keer 'n gevoel van toegeneetheit jeens die teenoorgestelde geslag ondervind. Hierdie gevoel is anders as net vriendskap. Dit strek dieper. Die gevoel is egter nie blywend nie en daarom kan 'n jongmeisie binne 'n jaar drie keer hopeloos en onherroepelik verlief raak. Dieselfde geld natuurlik vir die teenoorgestelde geslag.

Baie verhoudings wat hulle beslag gevind het in kalwerliefde, het al huwelike tot gevolg gehad wat uiters gelukkig was. Sulke gevalle vind egter baie min plaas en meestal verwelk kalwerliefde na 'n kort bloeitydjie. Dit maak kalwerliefde egter nie onbelangrik nie.

Baie is al gesê oor kalwerliefde en groot letterkundiges sal nog baie te sê hê oor dié omstrede onderwerp, want is dit nie immers die opwindendste tydperk in elke mens se lewe nie?

ANNE-MARIE ENGELBRECHT ST. 10 E

Boekname en hul eintlike verklaring

Die uur van spanning — Voor die eksamen

Uur van verdriet — Na die eksamen

Lekker lewe — Gedurende pouse by die skool

Eensame pad na die galg — Op pad kantoor toe

Brand soos vuur — Op pad vanaf die kantoor

Borrelende lawaai — Die kinders as die klok in die middag lui.

Eensame soekers na niks — Koshuiskinders.

Flikker soos sterre — Die meisie se oë na 'n speletjiesaad . . .

(D. VERMEULEN ST. 9 D)

BLADSY 69

Die vreugde van klein dingetjies

Ek is nie 'n Audrey Blignault nie en nog minder 'n Langenhoven, maar ek dink nie daar is altyd net sulke mense nodig om klein dingetjies te kan waardeer nie. Selfs so 'n eenvoudige mens soos ek kan dit ook waardeer, al kan ek dit nie altyd op papier vaslê nie. Om die waarheid te sê, ek glo nie enigiemand kan die vreugde van klein dingetjies ooit op papier vaslê nie — daarvoor is vreugde glad te lewendig.

Klein dingetjies is wonderlike goed. Dis byvoorbeeld 'n wonderlike vreugde as ek die hele oggend voor skool gestaan en sukkel het om die strikkies in my hare reg te laat sit, in die klas te kom en dan vlieg daar 'n naamlose briefie deur die lug wat aan my meedeel dat die strikkies mooi by my pas.

Dis 'n vreugde om met een van Mammie se snytjies varsgebakte brood, of 'n lekker stukkie beesbiltong, by die skool op te daag, maar self niks daarvan te eet nie. Dit klink mos mooi om te hoor: "Oe, maar jou ma bak lekker brood!" of: "Dis darem lekker biltong hierdie!"

Ek het al baie gewonder of mense nie kan hoor hoe tril my hart as iets vir my vreugdevol is nie. Dis mos iets wat sommers so vanself daar bly vassteek en dan nog op jou stembande ook inwerk en veroorsaak dat jy die hele dag aanmekaar sing.

Ek het nog nooit iemand, behalwe my moeder, gesien wie se vreugde by haar oë uitloop as 'n kind gedoop word, of belydenis aflê of trou nie. Dit moet seker wonderlik wees om souterige vreugde in jou mondhoëke op te vang.

Het jy al gevoel hoe spring vreugde op en af in jou binneste as jy 'n sprokie van feetjies en kaboutertjies in 'n kleintjie se oë sien? Was jy al self so 'n kleintjie wat bly is as die prins met Aspoestertjie trou? Dis 'n onbeskryflike gevoel. Dis lewe!

Vreugde lê in klein dingetjies. Al is dit nou ook net 'n armoedige dogtertjie wat 'n ou 1942 — tiekie opgetel het. Vreugde is 'n kooltjie, maar vreugde is ook 'n klein blokkie ys. Vreugde van klein dingetjies maak jou dronk van sang en plesier.

ANTOINETTE PRETORIUS ST. 10 A

Wilde Woordeboek

Boekhouer	— gee nie geleende boeke terug nie
Kantoor	— 'n gekwalifiseerde towenaar
Leegloper	— 'n dam wat lek
Natuur	— dit reën 60 minute.
Netwerk	— geen rus nie
Ofskoon	— of vuil
Soeklig	— wanneer iemand in die donker is
Vlieënier	— 'n vlieg se nier
Wasgoed	— nou sleg
Torring	— 'n ring deur tor gedra
Papier	— 'n slap inwoner van Ierland
Bokooi	— nie onder die bed nie.

(D. VERMEULEN ST. 9 D)

Blomme

As ons 'n oomblik stilstaan en dink hoe wonderlik dit is dat 'n klein veldblommetjie na die reëns tot 'n blom ontwikkel, kan ons nie anders as om te glo dat daar iemand hoër is om die balans in die natuur te handhaaf nie. Ons is geneig om ons blind te staar teen die dinge wat wetenskaplikes tot stand bring, maar besef ons dat nie een van hulle Lewe kan skep nie?

Dit laat ons weer besef hoe belangrik blomme vir ons is, want as hulle eenmaal vir ons verlore geraak het, is dit 'n onbegonne taak om hulle terug te vind.

Blomme beteken vir ons in die alledaagse lewe baie meer as wat ons besef. In tye van droefheid bring blomme vertroosting. By die graf bring dit van jou vriend sy innige meegevoel. Met die geboorte van 'n baba bring dit blydschap. Op 'n siekbed bring dit 'n wens vir spoedige genesing. Van jou beminde beteken dit liefde. Hoeveel meer kan dit beteken?

NICOLINE TROMP ST. 9 C

My held

Ongelukkig is kalwerliefde nie die liefde tussen twee kalwers nie, maar wel tussen twee japsnoete wat hulle soos kalwers gedra. O, die liefde is so groot, maar bekyk hom bietjie van naderby, dan sien jy eers hoe bo-op hy is. Kalwerliefde is iets wat mens meer onder meisies aantref. Miskien is die seuns nie sentimenteel of verbeeldingryk genoeg nie.

Maar ek is nie juis iemand wat kommentaar oor kalwerliefde moet lewer nie, want hoevele male was ek nie al verlief nie. Een geval kan ek nog besonder goed onthou. Dit was ek en my Rugbyheld (met 'n hoofletter). Nie tennis- of hokkieheld nie, maar Rugbyheld. Iemand wat tennis of hokkie speel, is mos kamtig nie dapper genoeg nie. Ek weet nie eers of my Rugbyheld ooit bewus was van my bestaan nie, maar wat ek wel weet, is dat ek bewus was van hom. Elke rugbywedstryd was ek daar! En nie net ek nie! Nee! Grimering, mooi rok en alles wat daarmee gepaard gaan. In die oggende is daar ekstra vroeg opgestaan om betyds by die skool te wees, sodat ek hom darem nog kon sien. Sy klasrooster, wat ek stilletjies by die voorligtingonderwyser gaan haal het, word met myne vergelyk. Ja nee, die sewende periode sal ons paaie weer kruis, want dan tzt hy Skeinat en ek Biologie. Julle sien dus dat hy nog 'n slimpkop boonop is. Maar dit is nie al nie! Julle moet daardie mooi motorfiets van hom sien! As ek nou so sit en terugdink, wonder ek wie was aantrekliker: die seun of die motorfiets?

In die eksamenlokaal het hy reg teenoor my gesit. Geen wonder my punte het so gedaal nie! Ek het die ou beproefde vangstrik probeer en 'n potlood laat val. Maar og, my teleurstelling was groot! hy het nie eers die moeite gedoen om dit vir my op te tel nie.

Maar my eintlike dag van teleurstelling het ook gekom. Dit was by 'n rugbywedstryd en ouder gewoonte was ek weer daar. Onder groot gejuig het my held op die veld gehardloop. Hy het pragtig gespeel en sy span was natuurlik aan die wenkant. Maar toe het die ongeluk gebeur. My held het geval dat hy hie en mens kon net valstande sien waai. (Nee, mnr. Herselman, nie kuns-tande nie, Valstande!)

My held en valstande! Dit was die laaste dag dat my held my ooit weer gesien het.

HEIDI KEET ST. 10 C

My wilgerboomdroom

"Haar ogies is blou, haar lippies is sag.
Ek weet dat sy nou daar vir my wag."

Dié ou liedjie uit my jeug klink weer vandag baie helder. Dis seker ook nie snaaks nie. Ek staan weer voor dieselfde ou wilgerboom wat dit altyd vir my gesing het as ek skemeraand hier verbystap na die onderdorp toe. Die fontein se water is nog net so helder soos altyd. Ek mik met 'n klippie na 'n verbruinde blaar wat op die water dryf. Daar was 'n tyd toe ek nooit op so 'n afstand daardie blaar sou mis gegooi het nie.

Meteens is dit weer vyf-en-dertig jaar gelede. Ek sit en gooi juis weer na 'n blaartjie wat parmantig op en af dobber. Hoekom voel ek nou weer vandag soos 'n weeskind? Ek is lus vir niks anders as om net hier te sit nie. So 'n bietjie abnormaal vir 'n vyftienjarige wat alles het wat sy hart begeer, of hoe? Ek jok, nie alles nie. Juis nou begeer ek iets wat ek nie mag begeer nie — Antjie van der Linde van die onderdorp. Ek is lief vir haar, ek weet. Wat weet grootmense tog nou? Gmf, om vir my te vertel ek weet nie wat die liefde is nie. En dit net omdat Antjie se pa 'n stoker is en haar ma die kleremaakster van die onderdorp.

Antjie was die eerste meisie wat ek ooit werklik raakgesien het. Ek weet nou na vyf-en-dertig jaar dat sy nie regtig mooi was nie. Sy het kort bruin hare gehad, 'n skerperige, regaf neusie en 'n alledaagse mondjie. Verder het sy mooi gelyk in 'n swempak. Maar haar oë was vir my die mooiste. Hulle het daardie ek-is-Antjie-van-der-Linde-jammer-dat-ek-lewe-uitdrukking gehad. En tog kon sy 'n mens so reguit in die oë kyk.

"Ma, ek is lief vir Antjie van der Linde van die onderdorp," het ek een middag na skool vir my ma gesê. Sy kon dit nie glo nie. Dat ek, haar eie Francois, na 'n meisie van die laer stand kon kyk! Sien, ons was die ryk Loubsters. My ma had 'n graad in drama en my pa het, behalwe sy twee grade, nog twee plase en drie motors ook gehad. Hy was die bankbestuurder op die dorp. Verskoning Pappa; bankbestuurder, burgemeester, boer en ouderling. In daardie volgorde.

Dadelik het my ma begin om partytjies te reël waarheen al die rykmansdogters genooi is. Een aand, toe my ma-hulle nog gedink het dat ek lekker partytjie hou, het ek al lankal vir Antjie gehelp om haar magdom boeties en sussies op te pas. Van toe af het ek elke dag teen skemeraand, sonder my ouers se medewete, gou eers by haar gaan inloer vir 'n koppie koffie en 'n stuk karringmelkbeskuit.

Totdat sy aan die einde van daardie jaar aan toring dood is. En vandag is ek weer hier. Kalwerliefde nie ook ware liefde nie? Kom saam na ons wilgerboom en sê my dan!

ANDRÉ LOUW

Die Namib. . . slapende oer-reus

Slegs dié wat al 'n nag in die dorre en onherbergsame Namibwoestyn geslaap het, sal saamstem dat hierdie voorwêreldlike slapende ou reus 'n bekoring inhou. 'n Dag in die swewende hittegolwe tussen klip en sand is soms net die regte uitlaatklep vir die gefrustreerde en gejaagde stadsbewoner.

Wanneer die son begin skaam word, omdat hy jou gedurende die dag so gemartel het, begin hy bloos en tint die blou hemel met sy oneindige skakerings van rooi, en laat jou alleen agter met die stilte suisdend in jou oor, om môre jôu te probeer oorwin.

Die nag trek dan sy donker deken van skitterende sterre oor die lig van die dag. Dis die helderste diamante wat ek nog sien skitter het.

Op die kale vlaktes van klip en sand en klip en klip en sand is lewe. Die lewe is dood as die mens teen die hitte van die vuurbol moet stry. In jou waan om nou te rus in die bekoring en stilte

van die nag, word dit wat dood was, lewend. Die lewe in die Namib is van totkokkie tot muis, van muis tot slang en voël. Dit hardloop en rol om dit wat die dag gebring het, te vergader vir die lang, lang windstiltes wat nog gaan heers en die voedsel sal weghou van die lewe.

Na ure se hardloop, rol spring, vang, sluk en bekruip, begin die asem wat vog bring, te blaas. Alle takke en blare, elke gogga en mier strek dan sy bene sodat die lewende vloeistof daaraan kan pèrel. Met die versigtigheid van 'n trapsuutjies word pèrel na pèrel gesluk.

Die volgende dag kom. Die mens is verwonder. Hy gaan terug en verkondig die bekorende nag wat hy in die droë dorre en "lewelose" Namib beleef het.

Die gloeiende bal stuur tartend sy pyle oor bergtop en krans in vallei en blaar, om vinnig dit wat die vogtige wind van die gróótdam gebring het, te laat verskyn in wit wolke uit die sand en dan in die niet te laat verdwyn.

Die goeie lig bring kleur wat die kosmos op klip en rots laat skyn. Die groen, rooi en geel vallei en vlaktes straal 'n bekoring uit, maar dit is slegs die skynsel van swam en wier in een selgebind.

MEYNDERD BLOM St. 10B

Die vreugde van klein dingetjies

'n Ligte seebries waai die nat, vogtige lug teen my gesig vas. Die wind speel met my klam hare en dit hang deurmekaar oor my voorkop. My broekspype is opgerol tot onderkant my knieë en ek plas deur die skuim en water wat sag gly oor die fyn sand op die strand. My hande diep in die sakke van my koue, klam broek en my oë staar oor die grysblou golwe wat wieg op die maat van die wind.

Die groen-geel son rus op die horison ver agter die golwe en die branders kom aangehardloop met wit, wapperende kuiwe. Hulle kom na ons toe, maar put ons ware vreugde en genot uit die klein en tog mooi dinge wat Hy so mildelik aan ons skenk?

Op die sandbank staan hy soos 'n standbeeld uit graniet. Sy hande omkleem die lang, swart visstok, hande waarmee ons Hom moet loof en prys. Die blinklyn skitter in die skemer van God se genade, en die lyn van ons lewensweg? Blink dit soos die lyn van die visstok in die aandlig, of het dit swart geword soos die dooie haai wat ver agter die sandbank lê en stink?

Meteens ruk hy met al sy krag aan die stok. Soos die visserman ruk, ruk ons ook wakker uit ons drome, Heer, sodat ons vreugde kan put uit alles rondom ons. Die sand, skuim en see. Al die klein dingetjies wat ons nie raaksien nie, en waarby ons verby-snel.

Ek en die see is weer alleen. Ek staar oor die golwe. 'n Seemeeu ry op die branders, gly op en neer op die deininge. Hy put genot uit die dinge wat aan hom gegee word. En met krasse stem dank hy God vir al die klein dingetjies? Ons sien nie eers die see se klein, tog mooi en goeie, dingetjies raak nie. Nee. Ons sweef daaroor soos die seemeeu, maar ons ontdek nie die vreugde daarin nie. Ons jaag daaroor, die jaagtog na nêrens.

Die grysblou golwe; sien ons Gods grootheid en mag daarin? Besef ons dat Hy ons sal help? Jy hoef nie die lewe suurgesig aan te durf nie! Ons weet nie van die vreugde waarna ons moet soek nie, vreugde wat ons sal smaak as ons sy Skeppinghuldig en die vreugde wat Hy daarin opgesluit het nie. Soos ons soms die geel son op die horison nooit sien nie.

Is dit dan die klein dingetjies wat aan 'n mens die vreugde verskaf? Hy sê: aan die kindertjies behoort sy koninkryk. Aan die kleintjies of dié wat lewe soos hulle.

F. ROBERTS. St. 10C

Selfontdekking

My lewe was nog altyd haastig en vol. Net soos hierdie ou wekker van my vyftien minute voor is, was ek altyd voor. Ek het gejaag na aardse besittings wat vir my nou geen nut het nie.

Ek het nie kinders nie, nie 'n man nie, en waarheen met al my besittings? Lewers moet daar darem iemand wees vir wie ek jammer voel of vir wie ek iets wil gee, maar nee, ek het nog altyd 'n afgod van myself gemaak en niemand anders raakgesien nie.

Ek blaai deur my dagboek op soek na 'n naam, wat net daardie besonderse "iets" in my gemoed sal wek, 'n kennis of 'n familielid. Oral staan daar net wat ek alles gedoen het. Ek, die egoïs, wat alles vir myself toeëien, wat nog nooit iets vir iemand anders oorgehad het nie.

My afspraakboek volg ook min of meer dieselfde patroon. Die blaai is volgeskryf van bo na onder, net soos my lewe nog altyd was. Maandae my hare laat was en kam en my vel laat versorg. .

Soos ek so deurblaai, bring dit darem 'n vertroosting in my gemoed dat ek darem ten minste drie keer per week of 'n teepartytjie gehou het, of gaste vir ete genooi het. Ek het darem gegee ook, maar ek het verkeerd gegee. Ek het gegee aan dié wat het, en nie dié wat nodig het nie.

Die doos met kaartjies val van my lessenaar af. Miskien is daarin darem iemand wat dit sal waardeur as ek iets aan hom bemaak. Die kaartjies is egter leeg wat my betref, want daar staan net: "Dankie" in mooi, goue, dooie letters daarop gedruk met my naam in dieselfde dooie, onpersoonlike letters. Ek is mos die een wat gee en wat bedank moet word.

Die bediende bring die pos, kantel die ou korrelkop skuins en: "Die medem moet omblaai die almanak. Es moslankal al anner maand." Ek bedank haar en toe ek omblaai, sien ek 'n sirkeltjie om vandag se datum. Dis snaaks, ek het nie vriende wie se verjaarsdae ek moet onthou nie. Net my eie verjaarsdag was nog altyd vir my belangrik.

Ek begin die pos oopskeur. Uit 'n klein koevertjie haal ek 'n verfrommelde papiertjie, en daarop met potlood geskryf: "Baie dankie vir die lekker kos op Siena se verjaarsdag, medem". 'n Onbekende gloed van geluk klem opeens my keel toe. So lyk opregte, egte dankbaarheid, al het ek nie regtig bedoel om te gee nie.

Die sirkeltjie om vandag se datum is beslis met daardie selfde ou stomp potloodjie getrek.

LORNA VAN WYK St. 10D

Die langbroek

My sagte materiaal kielie teen haar kuite en span om haar bobene. Trots en vleienend klok my pype windmakerig om haar bene uit. Ek voel hoe menige afgangstige blikke ons agtervolg.

Ons baan ons weg tussen die bont mengelmoes van kleure op die ysskaatsbaan deur. Sekuur gly ons oor die ysgrasse baan. Teen die oorkantste muur staan 'n jongman met 'n geblokte, bruin mansbaadjie wat vir hom pas asof hy daarin gegiet is. Ai, maar so 'n baadjie is iets vir die oog.

En toe katastrofe!

Onverwags spring my boonste knoop los toe ons 'n vinnige draaibeweging uitvoer. Stadig begin my ritssluitertrek. My growwe materiaal krap teen my niooi se heup om haar betyds te waarsku. Sy buk af en verloor haar ewewig. Ons maak deeglik met die harde yslaag kennis en op my agterkant gly ons oor die gladde, nat baan.

Ek is feitlik sopnat toe die sjarmante jongman tot Annie se redding kom, en haar orent help. Nou ja, te veel ontberings kan ek ook nie deurstaan nie. Sy is net besig om orent te kom, toe die

gare van my agterste naat besluit om met 'n luide skeurgeluid die gees te gee. Ek voel hoe haar vel warm word onder my.

Desperaat probeer sy die skeur met albei haar hande bedek. Ek kry lekker toe die jongman galant sy baadjie uittrek en aan haar oorhandig. Die growwe materiaal van die geblokte, bruin mansbaadjie krap skaam teen my, toe hy net-net daarin slaag om die skeur te bedek.

Dit was lekker om 'n ereplekkie in Annie se klerekas te kry. Groot was my vreugde toe 'n geblokte, bruin mansbaadjie 'n paar maande later volwaardig sy plek langs my kom volstaan het.

CHRISTELL LOUW ST. 8 F

... wat werklik is

Theo Wassenaar het 'n gediggie aan ons nagelaat toe hy gesê het:

"Die vreugde wat in drome sit
is soeter as die wat werklik is."

Maar is die "werklik" so? Ja, sal party mense sê, wat is heerliker as 'n lawwe droom? En dan kan ek net aan een antwoord dink — die werklikheid! Drome is 'n middel waardeur ons ontvlugting kan vind, maar daar is geen rede vir hierdie sogenaamde ontvlugting nie. Die lewe is tog nie werklik een harde strydgeveg na eer en status nie, want vandaar sien 'n mens tog nie die mooi raak nie. Hierdie "mooi" is om ons — in die klein dingetjies.

Soggens het elkeen van ons die voorreg om te mag wakker word. Dan is ons geestelik en liggaamlik verkwik vir die dagtaak wat voorlê. En dan kyk ek 'n paar minute by die venster uit, ek ruik die varsheid van die vroegoggend, maar ook sien ek die herontwaking van die natuur. Ek merk dat dit al weer lente is, want vlakby die venster kruip 'n lemoenbloeiseltjie, sag, broos en effens skugter, tussen die growwe takke van die boompie weg. Dan kyk ek 'n entjie verder en gewaar twee voël-maatjies, tjirpend-geselsend, op die draad sit. Kyk net hoe liggies word hulle deur die sonstraaltjies gestreel! Stilletjies het Vadertjie son intussen wakker geword en nou loer hy half bang oor die heuweltjie, maar tog is hy magtig genoeg om die helderblou hemelruim te verkleur met 'n sag-rosige mistigheid.

En dan besef ek — die dag is nog skaars wakker en soveel skoonheid is reeds uitgepak op die rakke van die natuur — vir ons om net na te kyk en te waardeur. Hoeveel skoonheid het die dag nie nog in voorraad nie?

Het jy al die handjie van 'n klein babatjie om jou vinger gevoel? So klein en reeds soek hy al die troos en nabyheid van 'n medemens. En ook dit is 'n gawe wat ons ontvang het waaruit ons seker nooit genoeg vreugde sal kan put nie — ons medemens. Wat is aangenamer as om 'n onverwagte glimlag te ontvang van 'n vreemdeling? Daardie glimlag wat boekdele spreek, maar wat ook wil sê: "Ek leef, en dit is wonderlik!" Tog deel ons daardie glimlaggies so min uit, en wat is makliker as om jou vreugde oor te dra aan 'n ander? Om iemand te help of te troos, saam te lag of te huil; klein dingetjies waarin groot vreugde lê.

'n Blommetjie kan soveel sê. Dit sê dankie, dit troos in beproewing, dit dien tot versiering, dit adem geluk. So is ook 'n glimlag: 'n klein blommetjie wat een vertrek uit 'n somberheid kan lig. So is dit met al die klein dingetjies in die lewe waarin die groot vreugde en skoonheid verborge lê. En as ek mag, oom Theo, wil ek graag sê:

Die vreugde wat in die klein dingetjie sit is die soete werklikheid."

JOEY LUTHER St. 10B

Die vreugde van klein dingetjies

Dis dikwels iets wat ons nie besef nie. In die groot gejaagde wêreld van vandag vergeet ons van die vreugde van klein dingetjies. Alles moet altyd uitbundig en groot wees. Rojaal word groot persente uitgedeel. Alles moet aan die hele wêreld verkondig word.

As 'n mens vandag vir 'n meisie gaan kuier, is dit mos met 'n rooi sportmotor. Met skreeuende bande kom hy om die draai en voor hy nog behoorlik stilstaan, lê hy op die toeter. Grootdoenerig stap hy met sy groot bos rooi rose na die voordeur. En met aangeplakte verlieftheid word die rooi rose oorhandig. Sou 'n paar viooltjies, gesteel uit sy ma se tuin, nie 'n groter bewys van sy liefde gewees het nie? Sou dit nie meer vreugde as die rose gebring het nie? Sou sy dit nie meer waardeur het as hy die hele ent pad met sy fiets gery het nie? Die grootdoenerigheid is net 'n bewys van onegtheid. 'n Kunsmatige, geforseerde onegtheid!

'n Mens besef nie dat dit die klein dingetjies is wat jou lewe lekker maak nie. Wat is nou lekkerder as 'n warm koppie koffie op 'n wintersoggend? Die warm wasem slaan teen jou gesig vas. Jy omklem die beker liefdevol met altwee hande en slurp-slurp die koffie slukkie vir slukkie op. Dis asof jy elke slukkie langer in jou mond wil hou om die lekker daarvan nog langer te proe. Met elke slukkie spoel vreugde deur jou hele liggaam.

Hoeveel vreugde bring 'n stukkie biltong, wat jy skielik onder jou kussing ontdek nie? Hoe dit daar kom, weet jy nie, maar die geheimsinnigheid daarvan maak die vreugde soveel groter.

Watter vreugde bring dit nie as kleinboetie skielik uitbundig aangewaggel kom op sy mollige beentjies met taai handjies voor hom uitgestrek en vir jou sê: "Sussie, ek lief van jou!"

Hoe bly voel jy nie as jy soggens vroeg by die venster uitkyk en die eerste bloeisel aan die lemoenboom gewaar nie. Dit is asof die geur wat daarvan na jou toe aangesweef kom, vreugde saamsleep — lank sal jy dan voor die venster staan om elke druppeltjie lemoengeurselvreugde in te drink.

Nog altyd was die strandloper vir my die verkondiger van vreugde. Dit gee vir my 'n gevoel van genoegdoening as ek sien hoe tientalle strandlopertjies vrolik heen en weer trippel om net voor die rand van die aanrollende golf te bly. Die klein spoortjies in die nat seesand is die bewys van die baie klein vreugdetjies wat hulle verskaf. Die stempeltjies van blydschap!

So is daar honderde klein dingetjies wat groot vreugdes verskaf. Hoe kleiner die dingetjie, hoe groter die vreugde. Net met die gedagte hoe so 'n klein dingetjie dan vreugde kan verskaf, word die vreugde sommer groter.

Inge Baars St. 10 B

Selfs die Namib het sy bekoring

Suidwes-Afrika. . . mooiste land in die wêreld. Namib. . . mooiste deel van Suidwes.

Die Namib se skoonheid is nie opvallend en ontbloom nie. 'n Mens moet daarna soek en goed kyk om dit raak te sien. Juis daarin lê die dorre strek se bekoring.

Plek-plek is die grond hard en klipperig, maar kyk mooi en jy sal rooskwarts sien. Kap een van die ronde, grys klippe middeldeur en dit verander in 'n asemrowende mooi agaat. Die stowwerige bruin klip word 'n tieroog en die wit klip 'n juweel van waarde.

Die Namib is die tuiste van sommige van die wêreld se skaarsste en oudste plante en diere. Die prehistoriese welwitchia met sy seldsame, helderkleurige kewers, die halfmense met hul snaakse

forms en die deurskynende geitjie met sy groot oë, is maar 'n paar van die mooi en skaars dinge wat die Namib aan die mens wat verby sy vaalheid en dorheid kyk, openbaar.

Jy sê die Namib is kleurloos en vaal? Dan was jy beslis nog nie by Sossusvlei nie. Nêrens elders is daar duine met soveel verskillende kleure as juis hier nie. Wit tot geel, tot rooi, tot bruin, tot pers, en niks versteur die harmonie van die sprokieslandskap nie.

Land vol verrassings! Wie sou kon dink dat die rietbegroeide Ugabmonding die tuiste van groot troppe wild is, of dat die droë, doringrige narra 'n lieflike geel blom het? In die klipskeure is eeue-oue rotstekeninge en in die droë lopies grawe sebras gorras waaruit helder water kom.

Wat is verrukliker as 'n sonsondergang oor die Spitskoppe, of 'n volstruismannetjie wat die aandag van sy wyfie en die kleintjies probeer aftrek, deur te maak asof hy gekwes is? Wat is koeler as die water onder in Sesriem se skeur en warmer as die son wat soos 'n gloeiende skyf aan die glimmende hemel hang?

As die maan oor die Namib opkom en die ruwe rotse omtower in grootse monumente van die skepping en as die sandgeitjie teen skemeraand sy maat roep, daal die vrede van die landskap neer.

SUSAN ARNOLD St. 10E

Junie - eksamen

Ek sit in die saal en moet Wiskunde leer maar ek kan nie! die kinders om my interesseer my al weer en dit mag nie!

Ek kyk en ek luister te veel

van Wiskunde ken ek nog geen reël.

Dis eksponente, funksies en kwadrate:

my brein slaan toe ek kraak in sy nate;

Dis logs en parabool en mag:

van Wiskunde het ek nog niks in pag!

Heeldag sit ek so en droom

en kyk wat doen Sandy se "oom."

Hier en daar is 'n gevroetel

en mooi gedagtes word hier vertroetel;

in plaas daarvan om nog te leer,

sal ek mos liewerster mediteer!

Hennie Harmse kou sy liniaal,

Ben-Dirk toring bo almal soos 'n paal.

Marinda skryf briewe en Sandra sug.

Diederik leer; Hauptfleisch krap sy rug.

Joey kyk vir André en hy kyk terug;

Francois sit en kyk in die lug;

Dié een "smile" en daar's 'n frons,

môre gaan Wessies ons lekker opdots!

Sus' Arnold is volleerd en Madelê gaap,

Ou Gideon Obbes lê lekker en slaap!

Rossouw sit voor sy Sonjalief

Sy is mos sy enigste hartedief.

Sparky se voorkop blink, want hy werk tog te hard

"the children's noise" en onkunde geef hom veel smart

Stephan en Riëtta knip ogies, al weer

niemand kan daardie groot liefde keer.

André Louw sit by die deur en uittuur

wat sien hy : 'n meisie of dalk net 'n muur?

Om beter te sien, sit Annemarie haar bril op

Sunel sit onder Helena se stoel en skop.

Dennis sit en dink aan sy toekomsplanne

volgende jaar is hulle almal mos "manne!"

En ai! die Wiskunde was regtig Grieks

volgende jaar is ons weer matrieks!

Marié Grosskopf St. 10 F

Koshuislewe

Wat is 'n jaarblad sonder 'n woordjie van die koshuiskatte?

Koshuislewe is nie net 'n vroegopstaan- en hongerlylewe nie. Ons kry genoeg om ons mae nie te laat skree nie (daar is darem altyd Ma se kosblik!). Maar die vroeg opstaan!

Koshuiskinders is bekend vir hul vriendelikheid en jovialiteit, maar as daar nou één ding is wat hulle boos maak, is dit wanneer die dorpsleerlinge hulle van hul geliefde toebroodjies tydens pouse beroof!

Die andersins saai koshuislewe word gegeur met koshuisaande, middernagfeeste en kattekwaad. Na skoolsluiting is poedingdag seker die lekkerste dag. Om saans na ligte-uit aan Ma se beskuit of lekkers te smul

Ons het ongelukkig 'n probleem in die koshuis: die telefoon. Wanneer daar vir iemand 'n oproep is, hardloop sy; ongeag blink vloere, die dreigement om gehok te word indien jy dit sou waag om in die gange te hardloop en ongeag die begeerte by elkeen om vroulik te wees.

Wanneer jy oortree het, staan jy grootoog en handewringend voor mnr. Coetzee se groot, blink lessenaar. Die matrone? Haar hoor ons op 'n afstand vanweë haar bekende bossie sleutels. Vir diegene wat dit gewaag het om 'n paar minute laat te lê, is dit genoeg waarskuwing.

Vrydae kan jy jou gesig in die vloere spieël. Selfs die spinnekraak waarin jy soms verstrikt kan raak, word verwyder. Saterdag? Dorp toe en saans die reëlins by die skool ondersteun. Ons is trots daarop dat ons koshuiskatte die sterkste ondersteuners van hierdie aangeleentheid is.

'n Koshuisleerling het ook al die kuns om 'n onderwyser/es se hart te vermurwe, tot 'n fyn kuns ontwikkel. Ons wil liever nie hierdie geheim verder verklap nie.

Ondanks wat ander sê of dink, koshuislewe is tog aangenaam en hou sy eie kompensasie in.

LOURINE MEYER (9 B) EN ANNELENE SMALL (9 H)

Die begin van Westerse musiek

'n Duisend jaar gelede was musiek in Europa maar nog bra primitief. Toe alreeds was dit verdeel in twee hoofgroepe: gewyde en profane musiek. Die twee het egter een eienskap in gemeen gehad: albei was suiwer melodieu.

Harmonie was voorlopig 'n toekomsdroom. Buitendien was hierdie musiek, binne sowel as buite die kerk, vokale musiek. Daar was min instrumente en konstruksie was primitief.

Musiek was nie beperk tot die diens van godsdiens nie. Buite die mure van die groot kerkgeboue het die gewone mense gesing terwyl hulle gewerk het en die hoekstene gelê van die wonderlike skat van volksmusiek wat gelukkig tot vandag toe voortleef.

In die 9e eeu n.C. het 'n rewolusionêre nuwe musikale tegniek verskyn: harmonie; die saamval van twee note van verskillende toonhoogtes. Hoe en waarom die mense van Europa 'n begeerte ontwikkel het om te harmoniseer, is nog nooit verklar nie. Die ontwikkeling lyk nog merkwaardiger as ons in ag neem dat Oosterse nasies, wie se musiek soveel ouer as ons s'n is, nog tevrede is met die onopgesmukke skoonheid van melodie en ritme.

Harmonie is gedurende die afgelope 1 000 jaar tot volmaaktheid ontwikkel en nie gedurende die afgelope 5 000 jaar, soos sommige mense wil beweer nie.

Vir ons voorouers was die sistematiese gebruik van akkoorde die ontdekking van 'n nuwe "geestelike wêreld" en hulle het dit

ondersoek met al die genot van ware pioniers. Hul vroeë eksperimente met harmonie was baie eenvoudig en vir ons 'n bietjie ru. Hierdie vroeë harmonie het uit 'n eenvoudige melodie bestaan wat terselfdertyd deur drie of vier stemme gesing is, maar op verskillende toonhoogtes.

Toe hierdie idee inslag gevind het, het die mense begin om die saamsing van twee melodieë te toets. Hierdeur het kontrapunt ontstaan die mees matematiese soort musiek wat ons vandag nog gebruik.

ATTIE VAN WYK ST. 7 G

Rondloper

Hy was bang.

O, ek weet, Die uitsig wat ek gehad het, het my sommer alles vertel. Die asblik se deksel was nou wel nie die sitplek wat ek wou gehad het nie, maar dit het nogtans geen afbreuk aan my meerderwaardigheidsgevoel gedoen nie.

Die vuil winterwinde wat om die hoeke van die verlate gebou gehuil het, het desperaat probeer om die naderende en dreigende voetstaptes te demp. Ek was nog besig om die laaste spore van 'n heerlike asblik-dis van my snorbaarde te verwyder, toe ek hom uit die hoek van my oog gewaar.

Die seuntjie.

Hy was net 'n bondeltjie skaduwee teen die hoë swart muur. 'n Angstige blik het in sy oë rondgedans en sy vingers was bang in-eengestrengel.

Ek het gesug. Êrens in die verte het 'n kerkklok aangekondig dat die tweede dag van die minderigste maand oor 'n paar uur iets van die verlede sou wees.

Sy gestalte het eensklaps in die nou opening van die stegie verskyn. Sy skewe ogies het oor die vullisblikke gespeel en 'n grynslag het sy lelike bakkies verder ontsier. 'n Trek van vrees het om die kind se mondhoëke gehuiwer. Sy blonde hare het geen teken van hom agter die hoë kartondose verrai nie. Die man het egter geweet hy is daar êrens. Sy treë was afgemete en kil en 'n hoonlaggie het in sy keel gekrap

Dit was 'n besige dag. Vroegoggend al het 'n boemelaar my vies-vies en sonder om sy woorde versigtig te kies, van 'n park-bankie afgejaag. 'n Paar treë verder het ek teen 'n dogtertjie vasgeloop. 'n Pragtige kind. Die mooiheid van goue krulle is ook in haar oë weerspieël en die trooswoordjies wat sy geuiter het, het my hart week gemaak en my oë laat toegaan van pure lekkerkry toe sy agter my ore krap.

Dit was egter ook van korte duur, en 'n uur later het ek my op 'n vensterbank tuisgemaak omdat die mooiste klanke my ore bereik het, daar onder in die straat, waar ek probeer het om alles om my met een oog waar te neem.

Iemand het op die sitkamerat gelê. Sommer op haar maag. Sy het 'n plate-omslag op haar hande gebalanseer en sy was besig om die helderste sterre in 'n wonderwêreld van drome te pluk. Ek kan verstaan waarom, want daardie seuntjie wat die hartseernote van "Mama" iets heel besonders gemaak het, het my kliphard laat spin. En daardie bruin oë van hom wat so mooi met lagplooitjies omhul is Ek kon net H-E-I-N-T-J-I-E op die omslag lees voordat 'n vieslike kefferbrak my aanwesigheid verklap het.

Nou is dit egter laat en ek is moeg. Die seuntjie is bang. Die groot man wag vir 'n geluid, maar hy het nie verwag dat dit van my kant sou kom nie.

Die seuntjie gil toe my naels êrens wegsak. Die man brul. 'n Haastige geskarrel by my verby verseker my dat die seuntjie binne 'n paar oomblikke veilig sal wees.

'n Skelwoord word deur die donker nag agter my aan geslinger. Dan verdwyn ek ook.

PETRO BOTES ST. 8 F

Jy sê jy ken Afrikaans?

Speel 'n bietjie hierdie speletjie saam (sonder 'n woordeboek) en kyk dan elders in die jaarblad hoe jy gevaar het.

Besluit watter van die verklarings tussen hakies by die woord pas:

1. AANDPYPIE: ('n soort blom wat by die kus groei, 'n pyp wat jy in die aand rook, 'n soort medisyne)
2. AANFLUITERY: ('n beweging in musiek, bespotting, om verder te fluit)
3. AANGESKOTE: (wat raak geskiet is, effens dronk, byna opgeskote)
4. AFSETTER: (man wat by 'n drukkerij werk, beampste by atletiek, bedrieër)
5. AANHANGMOTOR: 'n spoggerige motor, buiteboordmotor, enjin van 'n eenmotorige vliegtuig)
6. BAKBEES: ('n bees wat op die skou is, 'n voorwerp wat moeilik is om te hanteer, 'n kalf wat uit 'n bak suip)
7. BAKEN STEEK: (van 'n perd afval, jou plaas se grense afmerk, baie drink)
8. BAKHANS: (kalf wat uit 'n bak gevoer word, 'n eerste klas kereel, soort vis)
9. BELANGELOOS: (sonder belangstelling, nie betrokke nie, onbaatsugtig)
10. BENGEL: (deugniet, soort armband, vorm van visvang)
11. DRIETIK: (valerige voël, hokkieterm, Switserse boksoort)
12. FIOOL: (soort musiekinstrument, soort blom, fles met lang nek en ronde buikie)
13. GHANTANG: (wortelkos uit die Karoo, Maleise visgerig, beminde)
14. GISP: (berispe, veroudering van wyn, verrot)
15. BEUNHAAS: (reuse haas, knoeier, soort beesvleis)
16. HONSDAE: (warmste deel van somer in Europa, moeilike dae, lank gelede)
17. KLERIKALE: (van 'n priester, van 'n klerk, uit die klassieke)
18. LARIE: (Indiese drag, harde houtsoort, snert)
19. PLINT: (ghitaarsnaar, voetlyns teen binnemuur, om uit te skel)
20. RENDABEL: (driehoekige gehou, vrygewig, winsgewend)
21. REUSEL: (binnevel van 'n dier, sagte materiaal, sap van 'n klimplant)
22. SEEBENE HÊ: (bakbene hê, vas staan op skommelende skip, matroosklere dra)
23. SKOLM: (skakel van ketting, gultige persoon, dwergpapegaai)
24. SKOOLVOS: (foutsoeker, iemand wat afkyk in 'n toets, stokkiesdraaier)
25. SNAAK: (snaakse persoon, Engelse slang, kern van perskepit)
26. SOETHOND SIT: (op jou hurke sit, smekend aankyk, opsit met 'n nooi)
27. TRYP: (skaapafval, meubelbekleedsel, drafstap)
28. TURELUURS: (afloer, buite jouself wees, Europese populier soort)

29. VETLOK: (wol van vet skaap, muis van perd, vetrolletjie om maag)

30. VRAAGBAAK: (omsendbrief, moeilike vraestel, persoon wat antwoord op alle vrae kan gee)

Ciprus en ons

Die bloedige verhaal van Cipriotiese geweldpleging oor baie dekades op 'n klein eilandjie het sy oorsprong by die onwerklikheid van twee afsonderlike etniese groepe wat nie 'n gedwonge eenheid kon vorm nie. Verhoudingsverteenvoering, magsdeling sonder skeiding, die samevoeging van strydende elemente in een sentrale regering en onversoenbare volkskulture het Ciprus deur die jare heen laat smeul.

Vir Suid-Afrikaners is hierdie probleme treffend eenvoudig. Hier te lande word volkere reeds om dieselfde rede geskei, wat Ciprus nou laat brand. En soos die blanke en die inboorling elkeen sy bestaansreg in Suid-Afrika het, so ook die Grieke en die Turke op Ciprus.

Aan die kern van die probleem lê egter die groter moondhede — lande soos Brittanje en Amerika — wat hierdie essensiële skeidingsprosesse vir orde in hul eie land mislukkinge van die verlede misken het. Dink maar aan Brittanje se beleidsrigtings wat tot sy onttrekkings in Afrika gelei het. Dink maar aan Amerika met sy gedwonge integrasie en 'n Neger-probleem wat ten spyte daarvan voortwoed.

Daar is om die konferensietafel oor 'n oplossing besluit. Brittanje het sy kop uit die strop gehou, maar nogtans saamgestem met 'n oplossing wat deur die strydende groep aanbeveel is.

Die resep het onder meer behels dat Brittanje sy twee groot militêre basisse op die eiland kan behou, maar dat 'n nuwe staat gevorm gaan word sonder "verdeling". Die ooreenkoms is verder ingeklee: Die getalsterkere Grieke kon die president van die nuwe ryk aanwys en die Turke was gediend met hul man as onder-president. Dit was dan 'n deel van die oplossing.

Onder hierdie nuwe bedeling is die eilandbewoners in 1960 na die stembus. Die Turke het maklik daarin geslaag om 15 Turke vir hul 15 verteenwoordigers verkies te kry, maar 'n nuwe en gevaarlike verskynsel het klein-klein onder die Grieke uitgeslaan. Van hul 35 moontlike verteenwoordigers was net 30 ortodokse Grieke. Die ander 5 was kommuniste.

Wat aanvanklik goed was, het gou versleg en in 1963 moes die Cipriotiese parlement verslae beken dat hy nie meer in staat is om die eilandryk te beheer nie. Later was daar selfs 'n staatsgreep deur die Grieke en in Oktober 1967 het bloedige gevegte op die eiland uitgebreek. In 1968 het Makarios weer die president geword en saam met hom het die Ciprus-sweer gegroei om weer vanjaar uit te bars.

Die oplossing vir sulke probleme lê in wedersydse erkenning, respek teenoor mekaar en 'n lewensgebied vir elkeen. Die eenheidstaat vir al die volkere van S.W.A. — die bekende swart en V.V.O.-droom — dra in hom die kiem van Cipriotiese geweld.

GIDEON MAAS ST. 7 B

Los of vas?

Sommige van die volgende word los geskryf, ander aanmekaar. Hoe sê jy?

anders om, baie maal by voorbaat, by voorbeeld, dag in en dag uit, eenverdieping huis, eniger mate, geheel en al, vir eers, in geval dit gebeur, raak skiet, wakker maak, in die ope lug, pak slaai, pas op, regs om, onverrigter sake, drie keer, so lank laas, tegemoet gaan, tereg wys, ter wille van, ten spyte van, jou plek vol staan, niks wat wonders nie, wragtie waar, toe maar, tot siens, op pad, weer eens, oorkant toe, geluk wens, belang stel, stroom op beweeg.

Die Opera "DIE ONTVOERING UIT DIE HAREM"

(Uit die baie kritiese oog van 'n skoolseun)

Belmont was met sy verskyning glad nie angstig genoeg nie. Toe hy niks noemenswaardig vind nie en begin sing, kon hy meer treurig gewees het. Toe hy weer vir Konstanze sien, kon hy sekerlik gelukkiger gelyk het. Hy het haar die hele tyd met 'n begrafnisgesig beklou. Op die end, toe hy vrygespreek is, kon hy beslis dankbaarder en opgewekter gelyk het. In sy hele spel kon hy meer realisties gewees het.

Osmín het oordryf in sekere gevalle. Toe Blonde hom vermaak het, het hy beslis oordryf. Sy verdere spel was soms onnatuurlik.

Pedrillo moes blykbaar 'n baie opgewekte en lewenslustige persoon vertolk het, want hy het alles so oordrewe opgewek gedoen. Elke keer dat hy op iets of met iets betrap is, was hy soos 'n stout skoolseun wat op kattekwaad betrap is. In sy hele spel kon hy hom meer ingehou het.

Konstanze was van die begin tot die end soos 'n siek voëltjie. In al haar treurmares het sy nie een oomblik werklik treurig geklink nie. Ek glo glad nie dat Virginia Oosthuizen geskik was vir dié rol nie, want haar stem het op plekke weggeraak sodat 'n mens nie kon hoor wat sy op daardie oomblikke sing nie.

Die Pascha was nie statig genoeg nie. Hy kon homself meer laat geld het deur gebare, uitdrukkings ens. As hy treurig was oor Konstanze wat weer vir Belmonte gekry het, moes hy dit nie so duidelik laat blyk het nie.

Blonde het ook alles oordryf. Buiten haar vuurvretterrol, glo ek glad nie dat sy dit so moes oorbeklemtoon nie.

Die koor was redelik. Hul verskyning was net 'n bietjie te stadig. Hulle kon miskien ook 'n bietjie harder gesing het.

Die orkes was glad te hard sodat 'n mens nie altyd gehoor het wat die verskeie persone gesing het nie.

ATTIE VAN WYK ST. 7 G

Antwoorde op woordeskatvasvra

1. blom wat by kusstreke groei.
2. bespotting.
3. effens dronk.
4. bedrieër.
5. buiteboordmotor.
6. Voorwerp wat moeilik is om te hanteer.
7. van 'n perd afval.
8. kalf wat uit 'n bak gevoer word.
9. onbaatsugtig.
10. deugniet.
11. hokkieterm.
12. fles met lang nek en klein, ronde buikie)
13. beminde (woord gebruik deur Kaapse Kleurlinge)
14. berispe.
15. knoeier (man wat voorgee hy is 'n deskundige, maar dit nie is nie).
16. warmste deel van somer in Europa: Julie tot September.
17. van 'n priester (klerikale amp of drag).

18. snert.
19. voetlys teen binnemuur.
20. winsgewend.
21. binnevet van 'n dier.
22. vas staan op 'n skommelende skip.
23. skakel van 'n ketting.
24. foutsoeker, vitterige persoon.
25. snaakse persoon.
26. opsit met 'n nooi.
27. 'n soort meubelbekleedsel.
28. buite jouself wees, dol.
29. muis van 'n perd (se poot).
30. persoon/boek wat die antwoorde op enige vraag kan verstrek.

Jou telling? Indien jy minder as 20/30 het, kan selfs mnr. Herselman jou nie help nie!

Antwoorde op "Los of Vas?"

andersom, baie maal maar baie male, by voorbaat, byvoorbeeld, dag in en dag uit, eenverdiepinghuis, enigermate, geheel en al, vir eers maar vereers, ingeval dit gebeur maar in geval van siekte, mis skiet, wakker maak, in die ope lug, pak slae, pas op, regs om, onverrichter sake, drie keer, so lank laas, tegemoetgaan, tereg wys, ter wille van, ten spyte van, jou plek vol staan maar volstaan met iets, niks wat wonders nie, wragtig waar, toe maar, tot siens, op pad, weer eens, oorkant toe, gelukwens, belang stel of belangstel, stroom op beweeg maar hy is 'n stroomop soort mens.

Blommeranskikking: Pryswenners

Geluk aan die volgende leerlinge van WHS met hul mooi prestasies op vanjaar se Windhoekse skou:
 Anna Rossouw: Een 1ste prys en een 3de prys.
 Estelle van der Walt: Een 1ste prys.
 Nicolene Tromp: Een 3de prys.
 Anschion van der Walt: Een 3de prys.
 Awie-Marie Kotze: Een 2de prys en een 3de prys.
 Alexandra Minnie: Twee 1ste pryse, een 2de prys en een 3de prys, asook die beker vir dogters 13-15.
 Magda Kotze: Twee 1ste pryse en een 2de prys, asook die beker vir dogters 16-18 jaar.

The Monkey's Paw

Die Engelse eenbedryf, The Monkey's Paw, wat vanjaar tydens die skool se eenbedryfaand aangebied is, was baie geslaagd. Die deelnemers: Antoinette Pretorius, René Davin, Carel en Anton Kruger en R. van Aarde het hulle almal goed van hul taak gekwyd. Die opvoering was onder spelleiding van mnr. H. Botha, Senior Assistent in Engels by die skool.

STOEI



Voor: P. Wiese, R. Brink, M. du Plessis, mnr. F. Steyn, W. Britz, M. Smith.

*Middel: P. du Toit, J. Immelman, H. Jansen, J. Grebe, L. Nel.
Agter: J. Blaauw, H. Coetzee, B. Marais.*

THE MONKEY'S PAW



*Voor: A. Pretorius, mev. De Wet (Regisseuse), R. Davin.
Agter: K. Kruger, R. van Aarde, A. Kruger.*

BLOMMERANGSKIKKERS



*Voor: M. Kotze, A. Kotze.
Agter: A. Mienie, N. Tromp, V. Lehmann, A. van der Walt.*

When mother went on diet

As the title indicates, my mother went on diet. It is only too clear that only people who are too fat, have to go on diet. When my mother stood on the scale, one could hear "sipp", and then the needle could move no further. That is not strange, as the scale goes up to hundred kilogram, and mother weighs a proud two hundred kilogram.

We all did encourage our "Mommy" to go on diet, and so her first step was to cancel all her "inbetween-meals." The doctor gave her a booklet with all the rules and the dishes she was allowed to eat. No potatoes, no rice, no fat meat, etc. . . . Fish, turkey, chicken and salads without mayonnaise were proper dieting meals. Don't forget the exercises! She really wanted to grow spectre thin!

Our neatly kept household turned into a chaotic mess. Father had to drive every single week-end to the sea to catch fresh fish, and for that purpose he had to buy a fishing rod as he had never before in his life caught fish.

The expenses grew! Strict to the rules, Mother had to do some exercises every day. What could be better than a bicycle? Our account at the greengrocer more than doubled. Never mind the butcher: every second day we ate turkey — without salt. As mother had been forbidden to eat rice and potatoes, we too did not get potatoes. Carrots, squashes and turkey — without salt, green salad, cabbage and chicken — without salt; that is the way it went! Father got fed-up going fishing every week and we strongly started disliking turkey, chicken and fish.

After three weeks we started looking for results. I observed that my mother's dresses still fitted her very well, and every evening I could hear "sipp" and "clack" when the needle could go no further. What was more, I also observed that Father's trousers, by some or other miracle, had become bigger. Strange enough my dresses were growing bigger too, and those of my sister were not fitting her too well any more. Mother's opinion? Imagination!

